

# BOER VOOR DIE *Troon*

HANDLEIDING



# 10 Oktober Kaalvoetdag

In AMOS is 10 Oktober jaarliks **Kaalvoetdag**. God beveel dikwels sy profete om iets ongewoon te doen om 'n spesifieke boodskap hard en duidelik by mense tuis te bring. (Bv. Esegïel 3:24; 4:1-4; 4:10-11; 5:1; 12:2-3; 12:18; 21:6; 24:15-16; 37:15-19; Jeremia 13:1-14; 16:1-4; 27:1-2; 32:1-44; Hosea 3).

**Die doel van Kaalvoetdag is om jou gedurig te herinner dat ons op heilige grond, God se grond, in God se teenwoordigheid leef en boer.** God se teenwoordigheid in die brandende bos het die grond geheilig waarop Moses gestaan het. Daarom moes hy sy skoene uittrek (Eksodus 3). Sedertdien het Christus aarde toe gekom en Hy word Immanuel genoem. Dit beteken: *God is by ons* (Matteus 1:23). Hy het ook die aarde met God versoen en dit deur sy offer en teenwoordigheid geheilig (Kolossense 1:19-20). Hy is elke dag met ons tot aan die einde van die wêreld (Matteus 28:20). **Oral leef en boer ons nou daagliks op heilige grond in God se direkte teenwoordigheid.** Om die hele dag daarvan bewus te bly, is lewensveranderend. Met my sagte, sensitiewe kaalvoete dink ek mooi waar ek loop en ek trap versigtig. Ek jaag nie net onnadenkend deur die dag nie. Dieselfde is van toepassing op my lewe in God se teenwoordigheid. Dit help my om sonde (dorings en skerp klippe) te vermy én dit is 'n geweldige troos en bemoediging. Hy is hier by my om my te dra, te help en te beskerm (Vgl. Josua 1:9; 2 Kronieke 16:9 en Matteus 28:20).

**Dis ook 'n besondere getuienis-geleentheid.** Oral gaan mense vir jou vra: Waarom loop jy kaalvoet? Dit gee jou die geleentheid om aan die hand van bogenoemde teksverse te getuig. **Kaalvoetdag** is dus 'n geleentheid om mense te bemoedig en hulle daarop te wys dat hulle nie net in die kerk nie, maar oral in God se teenwoordigheid leef en boer.

Kom ons begin 'n "movement".  
Kom ons boer jaarliks kaalvoet op  
**10 Oktober!**



# Boer voor die Troon (2)

## *Handleiding vir Gebed*

Skrywer:	Hennie Viljoen
Voorblad:	Leana Viljoen
Bladuitleg:	Fanie Serfontein
Taal- en gehaltebeheer:	Cilna Maritz Hannatjie Theron Karen Botha
Druk- en bindwerk:	Business Print, Pretoria

**Met die uitsluitlike doel dat jy hierdie publikasie gratis mag versprei**, hou *AMOS* geen kopiereg daarop nie. Daarom mag jy hierdie boekie sonder toestemming reproduseer langs enige elektroniese of meganiese weg, of in enige ander vorm, hetsy deur fotokopiëring, bandopname, of enige ander inligtingstelsel. **Die publikasie mag egter nie verkoop word nie.** Vir enige navrae kan u die skrywer kontak.

Uitgegee deur ***AMOS AGRIMIN***

**secretary@amosafrica.net**  
**www.amosafrica.net**

**ISBN 978-1-920138-61-5**



# Inhoudsopgawe

Jy kan beter doen! .....	3
Die Doel .....	4
DEEL 1 Gebed in praktyk .....	6
1 Toe gebeur daar 'n ding .....	6
2 Jy sal nie tyd <i>kry</i> nie. Jy moet tyd <i>maak!</i> .....	9
3 Leer bid .....	11
4 Stiltetyd .....	17
DEEL 2 Kom ons bid .....	26
5 ABBA VADER .....	26
6 Gebede in die Skrif .....	29
7 Gebed en geestelike oorlog .....	30
DEEL 3 Fokus op die transformasie van jou gemeenskap .....	34
8 Bid vir gemeenskapstransformasie: Families .....	35
9 Bid vir gemeenskapstransformasie: Godsdienste .....	37
10 Bid vir gemeenskapstransformasie: Onderwys .....	40
11 Bid vir gemeenskapstransformasie: Regering .....	43
12 Bid vir gemeenskapstransformasie: Media .....	47
13 Bid vir gemeenskapstransformasie: Vermaaklikheid .....	50
14 Bid vir gemeenskapstransformasie: Besigheid .....	57
DEEL 4 Fokus op Amos Agrimin en ander landboubedieninge .....	62
15 Bid vir Amos Agrimin .....	62
16 Bid vir die Kernbesigheid van Amos Agrimin .....	65
17 "Stand up for Jesus" .....	67
18 Die Droom van AMOS .....	68
19 Bid vir die besigheid van Amos Agrimin .....	69
20 Bid vir Amos-publikasies .....	72
21 Bid vir die maak van dissipels .....	73
DEEL 5 Boer voor die Troon met die volgende gebede .....	75
22 Gebed vir Grondhervorming (1) .....	75
23 Gebed vir Grondhervorming (2) .....	77
24 Seënbede oor grondhervorming .....	81
25 Plaasveiligheid .....	82
26 Gebed vir landbouers (of ander) in nood .....	84
27 Gebed vir die volgende generasie landbouers .....	87
28 Seënbede oor jou kind na aanleiding van Psalm 112 .....	89
29 Gebed vir verlore mense .....	90
30 Here Jesus, ek het U nodig .....	92



## Jy kan beter doen!

Elke dag, op dieselfde tyd en plek, sit 'n Oom en Tannie vir vyf minute en gesels. Dis al. Die res van die dag is elkeen met sy eie dinge besig. Elke dag is die inhoud van hulle vyf-minute-gesprek dieselfde. Die Oom vertel dieselfde storie en die Tannie herinner hom aan dieselfde goed wat hy tog nie moet vergeet om vir haar te doen nie. Net die volgorde van haar opdragte verskil soms. Dit hang net af van haar gemoedstoestand en wat op dié spesifieke dag vir haar die belangrikste is. Hulle gedagtes is nie eintlik by die gesprek nie, maar dwaal rond aangesien die gesprek voorspelbaar is. Hulle luister nie regtig na mekaar nie en reageer nie eintlik op wat die ander een sê nie. Elkeen het sy eie storie en unieke sêgoedjies wat lankal nie meer snaaks is óf opreg bedoel word nie. Dit word net herhaal. Elke dag dieselfde!

Tog worstel beide met die vraag: *Wat het dan gebeur? Waarom is ons verhouding so kleurloos? Wat het van die sprankel en die intimiteit geword? Waar is ons passie heen? Waarom weet ons nie meer wat in die ander een se hart aangaan nie? Waarom maak my maat my nie meer opgewonde nie? Waarom het ons verhouding gestagneer?*

Die antwoord is: **Geen behoorlike kommunikasie = geen betekenisvolle verhouding.** Wanneer mense se verhouding met God stagneer en vervelig raak, is die oorsaak amper altyd dieselfde. **Kommunikasie** bestaan nie meer nie. Die Bybel word nie meer gelees nie en die gebedsrympie is voorspelbaar. Dis elke dag dieselfde!

Om 'n groeiende, intieme verhouding met God te hê, 'n verhouding wat jou inspireer en opgewonde maak, wat jou laat groei en aan jou lewe betekenis gee, moet jy sorg dat jou kommunikasie met God, naamlik jou gebedslewe, gesond is. Jy sal verbaas wees oor die verandering in jou verhouding met God as jy begin fokus op jou kommunikasie met Hom!

**Geen behoorlike kommunikasie = geen betekenisvolle verhouding.**  
Ek wil jou help om beter met God te kommunikeer!

Hennie Viljoen





## Die Doel

Met *Boer voor die Troon 2* wil ek jou help om te groei in jou kommunikasie met God sodat jy kan groei in jou verhouding met Hom. Anders as *Boer voor die Troon 1*, bevat *Boer voor die Troon 2* nie dagstukkies wat oor 'n tydperk van 40 dae deurgewerk word nie.

1. *Boer voor die Troon 2* is 'n **werkboek wat jy altyd in jou stiltetyd kan gebruik**. Daarom is daar ook plek vir jou eie notas. Dit dien ook as 'n hulpmiddel vir gebedsbyeenkomste of tye van bid en vas.
2. *Boer voor die Troon 2* is 'n **handleiding om jou te leer bid**, of jy 'n beginner of reeds 'n toegewyde bidder is. Baie Christene se gebedslewe het gestagneer en bestaan hoofsaaklik uit geykte versoeke. Hulle vra vir reën, kos en klere, veiligheid op paaie en plase, en goeie gesondheid. Dikwels is dié versoeke vaag en inhoudloos: “Wees met ...” en “Dink aan ...” Dan word die gebed afgesluit met 'n vae en algemene versoek om sondevergifnis, sonder berou en sonder om sonde by die naam te noem. Die kwaliteit van ons gebedslewe moet dringend verbeter.
3. *Boer voor die Troon 2* wil jou **help om Gees-geïnspireerde inhoud aan jou gebede te gee**. Jy kan seker wees dat God sulke gebede sál verhoor omdat dit in ooreenstemming met sy wil is. Daarom die talle verwysings na die Skrif.
4. Gelowiges móét geestelik groei. Plaaslike gemeenskappe moet verander en vernuwe word. God se Koninkryk moet in die landbou kom. *Amos Agrimin* en die netwerk van *GF4GF-centres* moet in gebed toegevoeg word. (*GF4GF* is 'n akroniem vir Good Foundations for Good Fruit. Besoek [www.gf4gfcentres.co.za](http://www.gf4gfcentres.co.za).) *Boer voor die Troon 2* **rus jou hiervoor toe**. Sonder doelgerigte gebed is al hierdie dinge net mooi drome. Niks gaan 'n werklikheid word nie.

Hoe om die handleiding te gebruik:

1. Moenie 'n hele hoofstuk op 'n slag probeer deurwerk nie, tensy jy jouself vir 'n langer tyd in gebed afsonder. Bid elke keer net vir 'n paar sake aan die hand van die Skrifgedeeltes en notas. Mettertyd sal die Gees jou daaraan herinner om spontaan vir al die sake te bid.
2. Wanneer jy saam met ander bid, lees 'n teks of twee, asook die sake wat genoem word. Bespreek dit vir twee of drie minute en bid dan oor alles wat die Gees op julle hart lê. Hou julle gebede kort. Fokus op dié



spesifieke saak. As niemand meer bid nie, lees dan die volgende Skrif en bespreek dit weer kortliks. Gaan dan weer voort met kort, gefokusde gebede. Elkeen kan meer as een keer bid. Herhaal die proses.



# DEEL 1

## Gebed in praktyk

### 1

#### Toe gebeur daar 'n ding

Baie jare gelede, in 'n klein wynproduserende gemeenskap, was daar 'n pastoor wat die gemeenskap vir jare met liefde en toewyding gedien het. Almal het groot waardering vir sy werk gehad ... of só het hulle gesê. Met die pastoor se aftrede wou die gemeenskap 'n gepaste geskenk aan hom gee. Hulle het besluit om te gee wat hulle het, naamlik wyn. Die pastoor kon die wyn verkoop en die geld gebruik vir wat hy wou. Hulle het 'n reuse 10 000-liter-vat in die middel van die dorp gesit. Elkeen kon volgens sy vermoë wyn in die vat gooi.

Die eerste man het 50 liter van sy beste wyn ingegooi. 'n Tweede en 'n derde het dieselfde gedoen. Een na die ander het almal hulle bydrae ingegooi. Met die oorhandiging was die vat vol! Die hele gemeenskap was daar toe die wyn as blyk van dank en waardering aan die pastoor oorhandig is.

Maar toe gebeur daar 'n ding! Die pastoor het die gemeenskap bedank vir hulle oop hande en harte. Toe het hy hulle geseën. Daarna stap hy met 'n kannetjie na die vat om 'n bietjie wyn te tap. Hy draai die kraantjie oop ... en daar stroom byna net skoon water uit. Almal was geskok en verbaas. Die gemeenskap is uitgevang! Hulle gesigte was rooi van skaamte want hulle het gedink: *Almal is mos dankbaar en sal van hul beste wyn gee. Niemand sal agterkom as ek nie my deel gee nie. 'n Klein bietjie water sal tog geen verskil maak in so 'n groot vat wyn nie.*

Hierdie verhaal kan toegepas word op ons gebedslewe. Elke Christen móét bid! Nie net vir hulle eie behoeftes en begeertes nie, maar ook vir leiers en die hele gemeenskap.

*Ek dring daarop aan dat daar **in die eerste plek** (hoogste prioriteit) met smeking, voorbedding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Daar is immers*





*net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het...*  
(1 Timoteus 2:1-6a).

**Daar is 'n direkte verband tussen die gebede van gelowiges en wat in ons gemeenskap, land en die wêreld gebeur!!!**

As ek vandag na ons gemeenskap kyk moet ek ook met 'n rooi gesig bely: **Uitgevang!** Ons dink: *Alle Christene sal mos gehoorsaam wees aan die opdrag om vir alle mense te bid en veral vir ons leiers!* As ek nie my bydrae lewer nie, sal dit mos nie regtig 'n verskil maak nie.

*Die chaos* in families, onderwys, politiek, ekonomie en besigheid, sport, media en die kunste, *kan direk toegeskryf word aan Christene se powere gebedslewe.* Te veel Christene skuif hulle verantwoordelikheid om te bid af op ander. Te veel dink 'n skietgebedjie hier en daar sal die ding doen. Te veel redeneer dat bid-en-vas-geleenthede net vir die lediges of super-heiliges is. Te veel skuil agter die leuen: *Ek kan nie voor mense bid nie.* Te veel bestee ure voor die TV, maar sukkel om 'n paar minute te kry om te bid. **Te veel dink dat dit geen verskil gaan maak as hulle nie bid nie. Niks gaan tog verbeter as hulle bid nie. Niks gaan slegter word as hulle nie bid nie.**

Ons is uitgevang! Ons beskuldig die politici, die media, sake- en onderwysleiers. In plaas daarvan dat ons rooi van skaamte word en ons sonde bely, word ons rooi van woede en wil ons dinge met krag en geweld regruk. Ons vergeet dat die storm op die see die skuld van *Dominee Jona* was, en nie die goddelose, heidense matrose nie. Dis Jona wat nie God se opdrag wou uitvoer nie (Jona 1). Dis die Christene wat nie bid nie!

Ek bid ernstig dat elkeen van ons ons verantwoordelikheid om te bid, sal nakom. Dink mooi:

- As jý nie vir jóú **huis en familie** bid nie, **wie** sal?
- As jý nie vir jóú **gemeenskap** bid nie, **wie** sal?
- As jý nie vir jóú **land en al sy leiers** bid nie, **wie** sal?

As jý dit nie doen nie, is jý ook verantwoordelik vir die *water in die wynvat!*  
**Dis jou verantwoordelikheid om te bid! Doen dit gedurig!**

## **Gebed**

**Here, help ons om gedurig met U te praat. Dis 'n voorreg. Help ons om te onthou dat Christus 'n baie duur prys betaal het om die voorhangsel te skeur** (Matteus 27:51) **en die voorreg van gebed aan ons te gee** (Hebreërs 10:19-22). **Ek bid nou vir alle mense en al ons leiers**

...



Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Jy sal nie tyd kry nie. Jy moet tyd maak!

Alle verhoudings berus op kommunikasie. Sonder kommunikasie is 'n goeie verhouding onmoontlik. Gebed is kommunikasie met God. 'n Goeie verhouding met God is afhanklik van voortdurende kommunikasie met Hom. Kyk na Jesus se lewe.

Jesus het nie net vir ons kom sê hoe om te lewe nie. Hy het vir ons kom wys hoe om te lewe. Hy het nie net dikwels *gesê* dat ons moet bid nie. Hy het die *voorbeeld gestel*. **Hy het Hom gedurig afgesonder om te bid** (Lukas 5:16). Hy het tyd gemáák om te bid. Ons móét sy voorbeeld volg.

*Jesus het tyd gemaak om te bid te midde van 'n oorvol program.* In **Markus 1:32-36** lees ons dat Hy tot laat in die aand gewerk het. Ons kan aanvaar dat die genesing van siekes en die uitdryf van duiwels sy krag en energie getap het (vgl. Markus 5:30). Vroeg die volgende môre het die mense Hom weer gesoek. Sy program was oorvol. Nogtans het Hy tyd gemaak om te bid. **Hy het lank voor dagbreek opgestaan en uitgegaan om op 'n eensame plek te bid.**

Ons is ook baie besig. Ons programme is oorvol. Baie dinge maak aanspraak op ons tyd en aandag: mense, werk, kinders en die TV, om maar net 'n paar te noem. Ons het net nie tyd vir bid nie. Selfs nie eers tydens vakansie nie. Ons program bly oorvol, dis net die goed óp ons program wat gedurende 'n vakansie verander. God wag tevergeefs vir ons. Hy wil so graag hê ons moet met Hom praat en hoor wat Hy sê. Hy wil ons oorlaai met sy seën en krag. Maar ons bly te besig. **Net soos Jesus, moet ons tyd maak om te bid te midde van 'n oorvol program.** As ons dit nie doen nie, ignoreer ons sy voorbeeld (1 Johannes 2:6). Ons sondig teen die Here en benadeel onself.

Jesus het altyd en in alle omstandighede **tyd gemaak** om te bid. Net soos Jesus moet ek en jy ook tyd maak om te bid ...

- ✓ Te midde van 'n oorvol program (Markus 1:32-36);
- ✓ Wanneer almal jou raad en hulp soek (Lukas 5:15-16);
- ✓ Voor jy belangrike besluite neem (Lukas 6:12-13);
- ✓ Wanneer jy met mense moet praat oor dinge wat hulle nie verstaan nie (Lukas 8:18-22);
- ✓ Wanneer jy moeg is na 'n harde dag se werk (Markus 6:31-49);
- ✓ Wanneer tyd baie min en kosbaar is. [Toe dit tyd geword het vir Jesus om aan die kruis te sterf, het Hy die kosbare tydjie wat oor was gebruik om vir sy dissipels en vir ons te bid (Johannes 17)];
- ✓ Wanneer die stryd teen die Bose op sy felste is (Lukas 22:39-46).



Jesus se hele lewe wys vir ons hoe belangrik dit is om *gedurig* te bid. Dit is verkeerd om nie sy voorbeeld te volg nie. **Om gebed te verwaarloos, is sonde. Maar jy kan dit oorwin.** Jesus leef mos in jou. Hy het reeds die mag en houvas wat sonde op jou het, gebreek. Hy het elke dag die versoeking om gebed te verwaarloos, oorwin. Hy kan en sal jou help om dit ook te doen (Hebreërs 2:18).

Maak tyd om te bid! Hoe? Maak 'n afspraak met die Here elke keer as jy klaar gebid het. Sê vir Hom wanneer jy weer gaan bid. Of maak 'n vaste afspraak vir elke dag. Corrie ten Boom het gesê: **Don't pray when you feel like it. Have an appointment with the Lord and keep it. A man is powerful on his knees.**

Die doel van *Boer voor die Troon 2* is om jou te help om te bid en nie net daarvoor te praat nie. Êrens het ek gelees: **The enemy rejoices when Christians spend more time discussing prayer than practising prayer.**

### Gebed

Here, ek sukkel om te bid. Ek is al moedeloos! Ek weet ek moet bid. Maar dié wete help my niks! Dit laat my net meer skuldig voel. Here Jesus, ek is in U en U leef in my. Kom leef asseblief ook u gebedslewe deur my. Heilige Gees, gee my asseblief die begeerte om tyd te maak om te bid. Laat gebed nie 'n las, 'n wet of 'n reël wees wat op my afdgedwing word nie. Laat gebed asseblief die begeerte van my hart wees! **AMEN**

Notas:.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....



### 3 Leer bid

Dit is merkwaardig hoeveel tyd, geld en energie mense gebruik om vaardighede aan te leer, byvoorbeeld gimnaste en branderplankryers. Aan die begin val hulle dikwels, maar hulle probeer elke keer weer. Hulle hou aan totdat hulle dit regkry. Mense wat aan die Comrades deelneem, spandeer duisende rande aan toerusting. Hulle ry van maraton na maraton om te kwalifiseer. Hulle oefen elke dag ure lank om hulle doel te bereik, naamlik *om dié 89 km binne 'n spesifieke tyd te voltooi*. Almal in 'n koor sing mooi, maar word nogtans vir ure afgerig. Al is iemand hoe vaardig met sy hande, moet hy 'n kursus doen om sy sweis- of handvaardighede te verbeter. **Dit neem altyd tyd om vaardighede aan te leer en te verbeter.**

MAAR, as dit by gebed kom, wil mense nie leer nie. Hulle wil nie groei in die vaardigheid om te bid nie. Hulle sê net: *Ek kan nie bid nie... óf ... Ek kan nie voor mense bid nie*. Sommige sê net 'n kort rympie oor en oor op sonder om te dink. Ander is na 'n paar sekondes *uitgebied* en weet nie hoe om verder te bid nie. Meeste mense het geen begeerte om te leer bid nie. Gebed is so maklik. Selfs 'n kind kan bid. Tog weet selfs die mees volwasse Christen nie altyd wat en hoe om te bid nie (Romeine 8:26). **Almal kán egter hulle vaardigheid om te bid, verbeter.** By geleentheid het die dissipels vir Jesus gevra: *Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het* (Lukas 11:1b).

**Dit gaan nie oor reg of verkeerd bid nie. Die Here verhoor ons nie op grond van hoe mooi ons bid nie. Hy verhoor ons op grond van die prys wat Jesus betaal het. Nogtans moet Christene groei in die vaardigheid om te bid.** Almal moet leer bid. Die beste manier om te leer bid, is om te bid.

Die opdrag is: ***Be devoted to prayer*** (Romeine 12:12. Lees ook Handeling 1:14; 2:42; 6:4 en Kolossense 4:2. Dieselfde woord word in al dié teksverse gebruik.) Dit beteken ons moet in gebed volhard. Ons moet gedurig bid. Ons moet op gebed gefokus wees. Gebed moet 'n uitstaande kenmerk van ons lewe wees. Ons moet tydig en ontydig bid. Dis makliker om te sê wat "*devoted*" nie beteken nie, as om te sê wát dit beteken. Iemand wat net in krisistye bid of af en toe 'n rympie opsê, is beslis nie "*devoted to prayer*" nie.

Wat hier volg is my notas en byvoegings na aanleiding van 'n boodskap deur John Piper - *Devote yourself to prayer*.<sup>1</sup>

#### **Inleidende gedagtes:**

- ✓ **Dis moeilik om te bid. Oefen totdat jy dit regkry.** Moenie tou opgooi nie. Moenie dat die duiwel, die wêreld en jou eie sondige

<sup>1</sup> Vir hierdie en ander boodskappe oor gebed, besoek [www.desiringgod.org](http://www.desiringgod.org) of google John Piper.



natuur jou daarvan beroof nie. Veg vir jou reg en voorreg om te bid. Jesus het 'n duur prys daarvoor betaal. As jy jou nie toewy aan gebed nie, gaan jy beslis skade ly. Dis dwaas en gevaarlik om nie gedurig te bid nie.

- ✓ **Daar is baie op die spel.** Die nood rondom ons is groot en uiteenlopend van aard. Die vyand wil steel, doodmaak en vernietig. Hy brul van woede en wil alles wat voorkom verslind. Gebed is dikwels die verskil tussen lewe en dood.
  
- ✓ **God kan in vyf minute doen wat ek en jy nie in vyf jaar kan doen nie.** Bid gedurig. Bring altyd al jou nood en bekommernis na die Vader. Vas en bid. Deurbrake sal kom! Hoe besiger jy raak, hoe meer tyd moet jy aan gebed afstaan. **“Don’t go to your desk first”**, sê John Piper. Gaan op jou knieë voordat jy enige iets anders doen! Gebed is die eerste en hoogste prioriteit! Bill Hybels het 'n boek geskryf met die veelseggende titel: **Too busy not to pray!**<sup>2</sup> Martin Luther het gesê: **I have so much to do that I shall spend the first three hours in prayer.**

Piper gee die volgende 10 riglyne. Hy verdeel dit in vyf pare. Die eerste letter van elke paar spel die woord “fades”:

1. **F**ree and **F**ormed (referring to the content of prayer)
2. **A**lone and **A**ssembled (referring to “with whom” you pray)
3. **D**esperate and **D**elighted (referring to our attitude in prayer)
4. **E**xplosive and **E**xtended (referring to time frame / length of prayer)
5. **S**pontaneous and **S**cheduled (referring to the “when” to pray)

Piper sê as jy nie hieraan aandag gee nie, sal jou gebedslewe mettertyd kwyn en sterf. (*It fades away.*)

Piper se riglyne:

1. **F**ree and **F**ormed (verwys na die *inhoud / styl* van jou gebed)  
**Spontaan, maar ook aan die hand van riglyne**

Om **spontaan** te bid, is om op die ingewing van die oomblik met God te kommunikeer en jou hart voor Hom uit te stort. Jy gesels met jou Vader soos 'n kind met sy ouer. Jy praat sommer net met God sonder om vooraf te dink en te beplan wat jy wil sê. Die Gees lei jou in jou gebed. Die woorde kom spontaan - soos water uit 'n fontein. Spontane gebed is noodsaaklik. Daarsonder verdwyn intimiteit met God en jou verhouding met Hom word koud en formeel.

---

<sup>2</sup> Die boek is later ook in Afrikaans uitgegee deur Bybel Media: *Net te besig om nie te bid nie*.

<sup>3</sup> B Jill Hybels, *Net te besig om nie te bid nie*. In Engels word die word ACTS soms gebruik: Adoration,





Maar jy moet óók volgens **riglyne** bid. Jy kan verskillende riglyne en strukture gebruik. Dit help jou om doelgerig en gefokus vir spesifieke sake te bid. Beplande, gestruktureerde en doelgerigte gebed staan nie teenoor gebed onder leiding van die Heilige Gees nie. Die Bybel is mos deur die Gees geïnspireer. Die Gees gebruik ook riglyne en strukture om ons te herinner aan alles waarvoor ons behoort te bid. Ons is mense en kan nie altyd alles onthou waarvoor ons moet bid nie.

### **Gebruik die Bybel as riglyn:**

- ✓ Bid die *talle gebede* in die Bybel (bv. Efesiërs 3:14-21).
- ✓ Bid oor die *bevele* in die Bybel (bv. Matteus 22:37-40).
- ✓ Bid oor die *beloftes* in die Bybel (bv. Matteus 28:20).
- ✓ Bid oor die *waarskuwings* in die Bybel (bv. Matteus 18:6-9).

### **Gebruik verskillende gebedslyste:**

- ✓ Naamlyste van familie, vriende, werknemers, kollegas.
- ✓ Lys van behoeftes.
- ✓ Lys van sendelinge, predikante, pastore, geestelike leiers.
- ✓ Lys van regeerders (plaaslik, provinsiaal en nasionaal).
- ✓ Lys van leiers op verskillende terreine (bv. landboueiers).
- ✓ Lys van ongeredde mense.
- ✓ Lys van gebedsversoeke wat jy per SMS, WhatsApp, e-pos of telefonies ontvang het. (Ons sê maklik “*Ek bid vir jou*”, maar vergeet dikwels om dit te doen.)

Moenie alles probeer onthou nie. Skryf die versoeke neer, of sit dit op jou selfoon.

### **Gebruik boeke of ander hulpmiddels:**

- ✓ *Operation World* gee inligting oor gebed vir elke land.
- ✓ Amos se 40-Dae Gebedsfokusse op die Landbou.
- ✓ Kaarte van lande, streke, dorpe, stede en strate.
- ✓ Landboutydskrifte het genoeg sake om oor te bid: produsente, verskaffers, ontwikkeling van tegnologie, markte, probleme en uitdagings, menings van landboueiers en standpunte van politici, ensovoorts.

### **Bid volgens sekere patrone of strukture:**

- ✓ Gebruik *konsentriese sirkels* wanneer jy vir jou familie bid. Begin by jouself, dan jou huweliksmaat, jou kinders, skoonkinders en kleinkinders, ens. Bid al vêrder: ouers en grootouers, broers en susters, ooms en tannies, neefs en niggies, ensovoorts.
- ✓ Bid *padlangs*. Bid vir al die plase en die mense wat op dieselfde pad as jy **bly**.
- ✓ Bid *van bo na onder*. Byvoorbeeld van die president af tot by burgemeesters; van die minister van onderwys af tot by



skoolhoofde, onderwysers, skoolbeheerliggame, leerlingrade en leerlinge.

- ✓ *Geografiese gebiede en plekke.* Begin by jou dorp, dan die streek, provinsie, land en kontinent.

As jy n t spontaan bid sal jou gebed algaande vlakker en meer selfgesentreerd word. Mettertyd sal jy ook nie meer spontaan bid nie. Gebed aan die hand van *spesifieke riglyne* maak dat jou *spontane gebede* onder leiding van die Gees diep, innig en eg bly.

## 2. Alone and Assembled (verwys na *saam met wie jy bid*) **Alleen, maar ook saam met ander Christene**

Alle verhoudings is op kommunikasie gebou. Sonder kommunikasie is daar geen sprake van 'n verhouding nie. Gebed is kommunikasie met God. 'n Intieme verhouding met God vereis kommunikasie met Hom. Jy moet s lf met God praat. Jy moet **alleen** met God praat. 'n Huweliksverhouding kan nie werk as man en vrou nooit alleen met mekaar kommunikeer nie. Net so kan jou verhouding met God ook nie werk as jy nooit alleen bid nie. Jy moet tyd maak om alleen te bid. Vra jou huismense en vriende om jou gebedstye te respekteer.

Jy mo t ook **saam** met ander Christene bid. Die Bybel is vol voorbeelde daarvan! Christene se gebede verryk mekaar. Daar is groot krag in, en baie se n op gesamentlike gebed. Gesamentlike gebed laat jou ook geestelik groei. Lees die volgende Skrifgedeeltes:

- ✓ Handelinge 1:14
- ✓ Handelinge 2:42
- ✓ Handelinge 4:23-31
- ✓ Handelinge 12:12

Jy moet **alleen  n saam** met ander Christene bid. As jy een van die twee afskeep, sal jou gebedslewe en jou verhouding met God armer wees.

## 3. Desperate and Delighted (emosionele *ingesteldheid* tydens gebed) **Smeekebede, maar ook lofprysing**

Die woorde **lofprysing** en **smeking** kom dikwels saam voor in die Bybel. In Filippense 4:6 s  Paulus: "*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.*" In 1 Timoteus 2:1 s  hy: "*Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbedding en danksegging gebid moet word*



*vir alle mense, ...*” Kom met jou nood en behoeftes, jou bekommernisse en vrese in gebed na God toe. Maar lof, dank en aanbidding moet óók altyd deel van jou gebedslewe wees. Moenie soos die nege melaatses wegstap sonder om God te eer nie (Lukas 17:11-19). As jy vandag net dit besit waarvoor jy gister die Vader gedank het, wat gaan jy hê?

#### 4. Explosive and Extended (verwys na die *lengte* van jou gebede) **Skietgebede, maar ook lang gebede**

Dis 'n voorreg om enige tyd en op enige plek met God te kan praat. Terwyl jy werk kan jy, soos Nehemia, kort **skietgebede** bid (Piper noem dit “popcorn”-gebede - Nehemia 2:4; 4:4; 5:19; 6:9b; 6:14; 13:14, 22, 29 en 31). Dit hou jou verhouding met God sprankelend en lewendig. Nehemia het ook **lang tye** in vas en gebed deurgebring (Nehemia 1:4). Jy sal nooit 'n kwaliteit-verhouding met God hê as jy nêť skietgebede bid nie. Lang tye van diep en intieme kommunikasie is ook nodig. Moenie een van die twee afskeep nie.

#### 5. Spontaneous and Scheduled (verwys na die *tyd wanneer* jy bid) **Enige tyd, maar ook op vasgestelde tye.**

Wandel in die Gees. Bid wanneer jy wil. Bid op die ingewing van die oomblik. Maar Piper waarsku: *“If you only have spontaneity, you will not have it for long. Because the fruit of spontaneity grows in the garden of discipline. Be careful that the over-emphasis of freedom doesn't kill your prayer life.”*

Dis 'n voorreg om **enige tyd** na die Troon te kan gaan en genade te ontvang (Hebreërs 4:16). Maar om te sê jy kan enige tyd bid, kan gevaarlik wees. Dis soos om te sê *iemand* sal dit doen en dan doen *niemand* dit nie. Dis soos om iemand te nooi om te kom kuier sonder om 'n spesifieke afspraak te maak. Dan gebeur dit nooit. Jy moet tyd maak om te bid. **Vaste gebedstye** is net so nodig vir 'n Christen as wat vaste oefentye vir 'n sportman is. Besluit vooraf wanneer, waar, hoe lank en saam met wie jy gaan bid. Jy moet 'n plan hê. Jy moet dissipline hê. Corrie ten Boom sê: ***Don't pray when you feel like it. Have an appointment with the Lord and keep it.*** Dis belangrik om ook 'n paar keer per jaar meer tyd te maak om te bid. Dit kan 'n paar uur, 'n paar dae, 'n nag of 'n naweek wees.

Moenie toelaat dat jou gebedslewe verflou en wegwyn (*fade away*) nie. Moenie die duiwel vatkans op jou gebedslewe gee nie. Wanneer jou gebedslewe wegwyn word jou verhouding met God koud, vaal en oninteressant - sonder sprankel en opwinding. Sonder wow-oomblikke en sonder wonders.



**Leer en oefen om te bid!** Bid is dié vaardigheid wat die beste resultate lewer. Dan werk God en oorstrom seënige uit die hemel jou.

### **Gebed**

Here, leer my bid. Vernietig elke wanopvatting wat ek oor gebed het. Vernietig veral die wanopvatting dat u wil in elk geval sal geskied, of ek bid of nie. As U my nie leer bid nie, is ek na twee minute uitgebid. Dan trek ek 'n streep deur u opdrag: *Be devoted to prayer* (Romeine 12:12 en Kolossense 4:2). *AMEN*

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## 4 Stiltetyd

### Inleiding:

Hoe hou 'n mens stiltetyd? Het iemand jou al geleer? Of aanvaar mense dat jy weet hoe? Ek wil jou help.

Daar is meer as een manier om stiltetyd te hou. Wat volg, werk vir my. Dalk werk dit vir jou ook.

As jy eers die beste en veiligste pad van jou huis na jou werk ken, kan jy allerhande ander paaie daarheen ry sonder om te verdwaal. Jy kan altyd weer die oorspronklike pad volg. Dit geld ook vir jou stiltetyd. As jy eers 'n **bepaalde metode het wat vir jou werk**, kan jy soms daarvan afwyk.

As jy nie weet waarna jy soek nie, is die kans groot dat jy niks gaan kry nie. Dit geld ook vir jou stiltetyd. Jy moet weet waarna jy soek, anders sal jy niks raaksien nie. Ek gebruik die volgende skema. Dit word later verduidelik, maar let op dat die woord ABBA die kern vorm.

Gister  
Lees  
Aanbid  
Bely  
Bedank  
Bewaar  
Afsmeek  
Luister  
Gaan Gehoorzaam

Stiltetyd is 'n intieme gesprek met my ABBA Vader. Die tyd wat ek in sy teenwoordigheid spandeer, lei altyd tot lewensverandering. Ek verruil dit wat ek is, vir wat ek in Hom kan word.

### 1. Die volgende is nodig vir effektiewe stiltetyd:

**Eerstens: Dissipline.** Net soos Jesus, moet jy tyd maak om met Vader te praat. *Vra die Here om jou hiermee te help as jy sukkel.* Vra Jesus om jou te leer om te doen wat Hy gedoen het. Dis nie altyd verstandig om stiltetyd in die bed te probeer hou nie. Ook nie agter 'n oorvol lessenaar nie. Dit kan jou aandag aflei. Sonder jou af op 'n tyd en plek waar jy met onverdeelde aandag aan die voete van die Here kan sit. Om vroeg in die oggend effektief stiltetyd te hou, moet jy reeds die vorige aand jou program en tyd so beplan dat jy nie onnodig laat in die bed kom nie. (Oppas vir 'n TV in die



slaapkamer!) Dieselfde geld as jy in die aand stiltetyd hou. Kom tot rus voordat jou energie op is en jou oë toeval.

**Tweedens: 'n Ontvanklike hart.** In die gelykenis van die saaiër was die kwaliteit van al die saad dieselfde. Die deurslaggewende vraag was: *Waar het die saad geval?* As die Woord nie in jou lewe vrug dra nie, lê die probleem nie by die Woord nie, maar in jou hart wat hard, klipperig of vol onkruid is (Lukas 8:4-8 en 11-15). Verwag dat die Here deur sy Gees en Woord met jou gaan praat wanneer jy Bybel lees en bid. Dan sal jou hart meer sensitief en ontvanklik wees vir wat die Here vir jou wil sê.

**Derdens: 'n Notaboek en pen.** Maak aantekeninge in die notaboek want jy is 'n leerling aan die voete van die Here (vgl. Jesaja 54:13). Jy hoef nie noodwendig elke dag aantekeninge te maak nie.

**Vierdens: Jou Bybel, gebedskalender** (bv. Boer voor die Troon) **en 'n liedboek.** Gebruik enige goeie vertaling van die Bybel. Dit is goed om soms ook 'n tweede vertaling te gebruik. Lees of sing lofliedere in die liedboek met 'n jubelende hart vir die Here.

## 2. Hoe om jou Stiltetyd-joernaal te gebruik.

Ter wille van latere verwysing, skryf op die boekie: Stiltetyd vanaf ..... (datum) tot ..... (datum). Sodra die boekie vol is, begin met 'n nuwe een.

Skryf die volgende op die binneblad:

**Gister**

**Lees**

**Aanbid**

**Bely**

**Bedank**

**Bewaar**

**Afsmeek**

**Luister**

**Gaan Gehoorzaam**

Die eerste letters van die woorde vorm 'n patroon. Dit help om die verskillende aksies te onthou. Die kern van hierdie struktuur is ABBA, wat





Vader beteken<sup>3</sup> (Romeine 8:15). Jou stiltetyd is mos 'n gesprek met jou Vader.

Doen die volgende: Skryf die dag en datum bo-aan die bladsy. Skryf dan die woorde **Gister**, **Lees**, **Aanbid**, **Bely**, ensovoorts, een na die ander in die kantlyn soos jy vorder. Maak **kort notas** by elke woord.

#### Gister:

Maak notas oor die vorige dag se gebeure. Skryf **kortliks** oor enige iets wat jou kan help om oor jou lewe na te dink (Psalm 39:2; Spreuke 24:30-34; Klaagliedere 3:40; 2 Korintiërs 13:5), en waar nodig, aanpassings te maak. John Maxwell, leierskapkundige sê: *“Reflection turns experience into insight.”* Ons lewe is so gejaagd dat ons selde oor die sin, betekenis en koers daarvan nadink.

#### Lees:

Skryf die Skrifverwysing hier neer. Maak enkele kort aantekeninge.

Mense praat dikwels by mekaar verby. Elkeen vertel sy eie storie en reageer nie op wat die ander een sê nie. Dis swak kommunikasie en dra nie by tot 'n gesonde verhouding nie. Dit gebeur ook dikwels in ons stiltetyd. God praat deur sy Woord met ons, maar wanneer ons bid, praat ons oor alles behalwe dít wat Hy vir ons gesê het. Ons praat by mekaar verby en die uiteinde is 'n swak verhouding. Reageer éérs op wat God gesê het. Bid en praat daarna oor ander dinge.

Die Skrifgedeelte wat jy gelees het, gaan nie altyd iets oor álle sake sê nie. Indien dit niks oor 'n saak sê nie, kan jy die punt oorslaan, of iets anders neerskryf wat die Gees op jou hart lê.

#### Aanbid:

Kyk eers wat die Skrifgedeelte oor God sê. **Wie is Hy?** Wat is sy kenmerke en karakter. Skryf dit kortliks neer. Loof, prys en aanbid Hom vir Wie Hy is. As die Skrifgedeelte niks direk of indirek oor God sê nie, kan jy enige ander eienskappe neerskryf. As jy deur 'n moeilike tyd gaan, of veronreg voel, kan jy byvoorbeeld skryf dat daar by Hom geen onreg, bevoordeling of korrupsie is nie (2 Kronieke 19:7). Ook dat Hy niemand voortrek nie (Romeine 2:11).

---

<sup>3</sup> Bill Hybels, *Net te besig om nie te bid nie*. In Engels word die word ACTS soms gebruik: Adoration, Confession, Thanksgiving and Supplication.



### Bedank:

Om God te dank is 'n opdrag van die Here (Efesiërs 5:20; 1 Tessalonisense 5:18). Ondankbaarheid is 'n eienskap van dwaalleraars en goddelose mense (Judas:14-16 en 2 Timoteus 3:1-5). Kyk eerstens of daar enige iets in die bepaalde Skrifgedeelte is waarvoor jy God kan dank? **Wat doen Hy? Wat belowe Hy?** Bo en behalwe dit wat in die Skrifgedeelte na vore kan kom, is daar baie ander sake waarvoor jy Hom moet dank. Skryf sy antwoord op jou gebede neer. Dit sal jou geloof versterk en jou meer vrymoedigheid gee om vir spesifieke sake te bid. Ons vergeet maklik van al die weldade wat God in antwoord op gister se gebede gedoen het.

### Bely:

Sondebelydenis moet spesifiek wees. Dit mag nie 'n afgewaterde rympie wees wat jy opsê voor jy amen sê nie. Bely jou sonde by naam:

1. **Sodat** jy **sekerheid** kan hê dat God daardie spesifieke sonde vergewe het en dit nie teen jou hou nie!
2. **Sodat** jy kan weet wat om **te los** en op te hou doen!
3. **Sodat** jy die **seën** van die Here kan geniet (Spreuke 28:13).

Kyk of die Skrif enige iets noem wat jy moet bely. Reageer eers op dit wat God in sy Woord sê. Daarna moet jy alle ander sonde waarvan die Heilige Gees jou oortuig, bely (Johannes 16:8 en 1 Johannes 1:7-9).

### Bewaar:

In die *Ons-Vader*-gebed (Matteus 6:9-13) en in Jesus se Hoëpriesterlike gebed in Johannes 17 (vers 11-16), leer Hy ons om te bid vir bewaring teen die Bose. Op grond van die Woord glo ek en miljoene Christene: *die duiwels en bose geeste het só ontaard dat hulle vyande van God is,- en van alles wat goed is. Soos moordenaars loer hulle op die kerk - ook op elke lidmaat (gelowige) - om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes*<sup>4</sup>. Daar is 'n oorlog aan die gang en ons veg ook daarin. Maar die vyand met wie ons te doen het is nie mense nie (Efesiërs 6:10-12 Die Lewende Bybel). *“Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie. Daarby hou ons doodsvyande, die **duiwel**, die **wêreld** en ons **eie sondige natuur** nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van die Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome*

---

<sup>4</sup> Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 12



*behaal*<sup>5</sup> Dit is ook wat Jesus ons in die *Ons Vader* leer.

Die aanslag teen ons is meer as net fisies. Daar is baie versoekings, sondige begeertes en aanslae waarteen ons bewaar moet word. Daarom kan jy nie jou gebed om bewaring afwater en verskraal tot 'n versoek dat die Here jou teen ongelukke, verkragters en rowers sal beskerm nie. Die geestelike aanslag van die Bose is nie altyd so opsigtelik nie, maar dis baie meer intens en gevaarlik. Kyk of daar enige waarskuwings is in die Skrifgedeelte wat jy gelees het. Vra dat die Here, die Oorwinnaar, jou sal bewaar en ook sy oorwinning gee.

#### Afsmeek:

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend* (Filippense 4:6). Dis maar een voorbeeld in die Woord waar die Here ons uitnooi om allerhande dinge van Hom af te smEEK. Begin weer by die Skrifgedeelte wat jy gelees het. Is daar iets wat die Vader graag vir my wil gee en dus-net wag dat ek dit vra? Byvoorbeeld: Jy het Speuke 23:23 gelees: *Hou by die waarheid, moet daar nie van afstand doen nie; hou by wysheid, by selfbeheersing, by insig*. Hierdie vier dinge is beslis die belangrikste wat jy dan van die Vader moet afsmeek. Skryf dit neer onder die woord *Afsmeek*. Gebruik dit as jou agenda vir hierdie deel van jou gebed. Deur éérs op die Woord te reageer, voorkom jy dat jy aanhoudend vir dieselfde tydelike behoeftes bid.

#### Luister:

*Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister. Die Here my God het my geleer om te luister: ek was nie teen Hom opstandig nie, ek was nie ontrou aan Hom nie* (Jesaja 4b-5). Om te luister verg selfdissipline. Nadat jy oor al die vorige sake gebid het, is dit baie belangrik om 'n paar oomblikke net stil te sit en te "wag" (Psalm 5:4 en 130:5-6). Vra die Here om alle ander stemme stil te maak. Vra Hom om met jou te praat: vra dat Hy die regte gedagte of plan in jou kop moet laat kom; vra die Gees om jou aan 'n spesifieke Skrifgedeelte te herinner; vra Hom om vir jou insig te gee in 'n spesifieke probleem, ensovoorts. Moenie bekommerd wees as jy niks "hoor" nie. –Hy sal praat wanneer Hy sien dat jy wag om te hoor wat Hy op sy hart het. Jy sal sy sagte stem herken (Johannes 10:3-4).

<sup>5</sup> Heidelbergse Kategismus, Sondag 52, vraag en antwoord 127



### Gaan Gehoorsaam:

*The Bible is not given for our information, but for our transformation.* Jou gemeenskap en geselskap met die Here, moet jou lewe verander. Indien daar iets spesifiek is wat die Here sê jy moet doen, skryf dit neer. Dan sal jy dit nie kan vergeet nie.

### **3. Praktiese voorbeeld aan die hand van 1 Korintiërs 1:1-9**

#### Gister:

- \* Dit het heerlik gereën. Normale oggendroetine.
- \* Ontmoet 'n vrou wat die Here moontlik in een van ons GF4GF-sentrums wil gebruik. Moet daarvoor bid en saak opvolg.
- \* Ek was geïrriteerd met die man by die garage en moes nie toelaat dat hy my vreugde steel nie. Vader, vergewe my asseblief.
- \* Die belangrikste ding wat ek moes doen (BTW), het ek toe nooit by uitgekom nie. Dit het my gefrustreerd en geïrriteerd gemaak. Ek moet leer om die belangrikste dinge eerste te doen. *I am responsible for my own effectiveness and happiness* (Covey).

#### Lees:

1 Korintiërs 1:1-9

#### Aanbid: (Lees of sing 'n lied of twee.)

- \* Die God wat mense roep en heilig om aan Hom te behoort;
- \* Jesus Christus as Here;
- \* God as ons Vader;
- \* God wat genade skenk;
- \* God wat seën;
- \* Die Here wat weer kom;
- \* God wat getrou is;
- \* God as Bron van ons sekerheid (vers 8-9).
  
- \* Ensovoorts .....



Bedank:

- \* Dankie dat U my geroep het;
- \* Dankie vir die voorreg om aan U te behoort;
- \* Dankie vir u genade in Christus oor my;
- \* Dankie vir ryke seëninge (noem alles waaraan jy kan dink);
- \* Dankie vir genadegawes wat U my gegee het (noem hulle);
- \* Dankie dat ek nie hoef bang te wees nie – U sal my enduit laat vasstaan;
- \* Dankie dat daar géén aanklag teen my sal wees wanneer U weer kom nie (1 Korintiërs 1:8; Romeine 8:1 en 33; Kolossense 2:14; 1 Tessalonisense 5:23-24; Judas vers 24-25);
- \* Dankie vir u trou – U doen wat U belowe;
- \* Dankie vir die voorreg om verenig met Jesus Christus te lewe – Hy in my en ek in Hom (Johannes 15:4-8);
- \* Dankie dat U my Here is.
  
- \* Ensovoorts .....

Bely:

- \* Te min danksegging in my lewe;
- \* My wederkomsverwachting is maar effens. Ek dink te min aan U koms;
- \* Vrees – ek verwag te veel van myself en is dan bang ék maak dit nie. Ek twyfel of ek staande sal bly, of U my sal bewaar;
- \* Soms dink ek dat dit my werk is om só te leef dat daar “geen aanklag” teen my kan wees nie. Maar dis ’n belofte en geskenk van U op grond van wat Jesus gedoen het;
- \* Ek leef soms asof daar geen verhouding tussen my en U is nie;
- \* Ek twyfel aan U trou. Ek glo in U, maar dikwels glo ek U nie. Help my om U te glo, en nie net in U te glo nie.
  
- \* Ensovoorts .....

Bewaar:

- \* Van ondankbaarheid;
- \* Van struikeling;
- \* Van minagting van u genade oor my en my verhouding met U;
- \* Van twyfel – veral twyfel aan u trou;
- \* Dat ek nooit sal lewe asof U nie weer kom nie.
  
- \* Ensovoorts .....



### Afsmeek:

- \* Vervulling van my roeping;
  - \* Dat ek U elke dag en in alle omstandighede die Here van my lewe sal maak en U sal gehoorsaam;
  - \* My gawes sal gebruik in nederige erkenning dat U die Gewer is;
  - \* Groeiende verwagting dat U weer gaan kom. Dat ek gereed sal wees en my vir U koms beywer (2 Petrus 3:8-13);
  - \* Dat ek sal vasstaan in genade, verlossing, geloof, kennis en gawes;
  - \* Dat ek steeds meer intiem verenig met U sal lewe.
- \* Ensovoorts .....

### Luister:

- \* Moenie bang wees om jou gawes te gebruik nie – Ek het dit aan jou gegee vir 'n spesifieke doel. Jou gawes is n aanduiding van my wil vir jou lewe!
- \* Ensovoorts .....

### Gaan gehoorsaam:

- \* Gaan help die GoodYear-studente om effektief stiltetyd te hou;
  - \* Maak 'n nota van 1 Korintiërs 1:8 en gaan deel die sekerheid met John.
- \* Ensovoorts .....

## 4. Samevatting

Hoe jy ook al stiltetyd hou, maak seker dat jy **die Bybel lees**. Jy kan ook ander boeke lees, maar jy mag nooit net geestelike boeke lees sonder om jou Bybel te gebruik nie.

As jy eers die vaste elemente [**G**ister; **L**ees; **A**anbid; **B**edank; **B**ely; **B**ewaar; **A**fsmeek; **L**uister; **G**aan **G**ehoorsaam] van jou stiltetyd ingeoefen het, kan jy soms daarvan afwyk. Jy hoef selfs net op enkele aspekte daarvan te fokus sonder dat jou stiltetyd en gebed verflou tot 'n paar alledaagse versoeke en “opdragte” aan die Here. Die verskillende elemente van jou stiltetyd hoef ook nie altyd in dieselfde volgorde te wees nie. Watter metode jy gebruik, is van minder belang.





Hou by die metode wat vir j u werk. Verryk en verruim dit. Die belangrikste is dat jy stiltetyd hou, met God praat en na Hom luister.

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## DEEL 2

### Kom ons bid

Dis my opregte begeerte dat ons sal leer om meer te vra as net reën, kos, klere, gesondheid, bewaring deur die nag en veiligheid op pad.

Die doel van hierdie gedeelte is om jou bewus te maak van die baie en verskillende sake waaroor jy kan en moet bid. Vra wat jy die nodigste het.

Dis nie nodig om gelyktydig aan al hierdie sake aandag te gee nie. Maar wanneer jy bid, gebruik die Woord wat deur die Gees geïnspireer is.

## 5

### ABBA VADER

(Vra wat jy die nodigste het.)

Abba (Pappa) Vader,

- ✓ **Ek is uit U gebore** (Johannes 1:13 en Hebreërs 2:11);
- ✓ **Ek is deur u Seun gered en met sy geregtigheid en heiligheid geklee** (1 Korintiërs 1:30);
- ✓ **Ek is deur u Gees as u eiendom beseël** (2 Korintiërs 5:5 en Efesiërs 1:14).

U het alles vir my gedoen. Ons verhouding is volmaak. Daar is vrede tussen ons deur die volmaakte versoening wat Jesus bewerk het (Romeine 5:1-3; Romeine 8:1 en Hebreërs 10:14). U dink nie aan een enkele sonde van my nie. Jesus het GENOEG gedoen. Hy het ALLES gedoen wat nodig is vir U om my gebed te verhoor. Ek hoef niks te offer óf te presteer om u liefde te verdien nie (Hebreërs 10:16-18).

**Dit wat ek die nodigste het, kan net U vir my gee.** Ek kom vandag in Jesus se Naam met my nood na U toe (Filippense 4:6-7 en Johannes 14:13-14). Ek vra wat Jesus wil hê. Ek vra namens Hom. Ek vra met **vrymoedigheid** (Hebreërs 10:19-22, asook 1 Johannes 5:14-15)! Ek is seker U wil en sal na my luister.



1. Vul my elke dag ten volle met u **Heilige Gees** (Lukas 11:13; Efesiërs 5:18 en Johannes 14:16-17).
2. Gee asseblief vir my die **vrug** en die **gawes** van die Gees (Galasiërs 5:19-22 en 1 Korintiërs 12 tot 14).
3. Gee vir my **wysheid** om die regte besluite te neem. Wysheid om die werk te doen wat U my gegee het en wysheid om my roeping te vervul (Jakobus 1:5-8 en 1 Konings 3:9-12).
4. Gee asseblief vir my Jesus se **gebedslewe**. Laat Hy sy gebedslewe in en deur my kom lewe (Johannes 15:4-5 en Galasiërs 2:19-20).
5. Help my om **sonde te haat en daarvan weg te vlug**. Laat ek drasties met sonde handel en nie daarmee speel nie (Spreekw 8:13; Matteus 18:6-9 en 1 Timoteus 6:11).
6. **Bewaar my** van die Bose, die duiwel, die wêreld en my eie sondige natuur (Matteus 6:13 en Johannes 17:15).
7. Laat u **Koninkryk** in my lewe kom. Ook in die lewe van my gesin, familie, personeel, kollegas en die landbougemeenskap. Laat alles vir ons om U, die **Koning**<sup>1</sup>, gaan. Maak ons **gehoorsaam aan u wil**.<sup>2</sup> Laat ons U **oorwinning**<sup>3</sup> proklameer. Laat ander sien hoe U alles en almal wat u Koningskap aanvaar, **herstel**.<sup>4</sup> Skep in ons die **verwagting**<sup>5</sup> dat U, ons Koning, enige dag weer kan kom (Matteus 6:10).<sup>6</sup>
8. Stuur asseblief **arbeiders** om u oes in te samel – veral op plase en in die platteland. Maak hulle dissipelmakers (Matteus 9:37-38 en 28:18-20).
9. Posisioneer my en my familie om ons **roeping te vervul, intimiteit met U te hê en finansieel vry te wees** (Efesiërs 2:8-10; Matteus 6:6 en Romeine 13:8, asook die 2016-Gebedsfokus: *Finansiële Vryheid*).
10. Laat daar **eenheid en liefde** in my huwelik, gesin en familie wees. Ook eenheid en samewerking in elke plattelandse gemeenskap, boerdery, kerk, in Amos Agrimin en elke GF4GF-Centre (Johannes 17:20-23 en Filippense 2:1-5).

---

<sup>6</sup> Punte 1-5 is die kern van die Koninkryk van God. Dit is waaroor dit in die Koninkryk gaan.]



11. Gee **baie en blywende vrug** op ons werk sodat U, Vader, daardeur verheerlik kan word. Hou ons handewerk in stand Here, hou al ons werk in stand (Psalm 90:16-17 en Johannes 15:8 en 16).
12. Ek vra **openbaringskennis**. Wys my nuwe dinge. Wys u Vaderhart vir my, want Jesus sê in Johannes 15:14-15 dat ek sy vriend is (Genesis 18:17ev; 2 Samuel 7:21; Psalm 103:7; Amos 3:7 en 4:13; Johannes 5:19-20).
13. Ek vra 'n **Jesus-ingesteldheid**, 'n opregte **begeerte om gehoorsaam te wees**. Gee Vader dat u Woord nooit op dowe ore in my lewe sal val nie (Jeremia 32:39-40; Lukas 8:18 en Johannes 4:34).
14. Vul my heeltemal met **u volheid**, met u liefde, sodat u Beeld in my al meer sigbaar word (2 Korintiërs 3:18 en Efesiërs 3:18-19).

Vader, alles wat ek vra is in ooreenstemming met u Woord. Dit is Jesus se begeerte. Dis waarvoor Hy só 'n duur prys betaal het. Daarom het ek die vrymoedigheid om dit te vra (1 Johannes 3:21-23 en 1 Johannes 5:14-15). Daarom dank ek U by voorbaat (Filippense 4:6-7)! U sal my verhoor. **AMEN**

**DINK NA:** In Lukas 11:9-10 beveel die Here ons drie keer om te bid, maar Hy belowe ses keer dat dit nie tevergeefs sal wees nie. Dit wys hoe graag Hy ons gebede wil verhoor! Dit wys dat sy begeerte om ons te verhoor, groter is as ons begeerte om te vra. Hoe sal jou lewe lyk as jy al 14 hierdie dinge in antwoord op jou gebede ontvang?

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## 6 Gebede in die Skrif

Lees en bid gereeld hierdie gebede. Dit is deur die Heilige Gees geïnspireer. Dit is in die Bybel opgeteken sodat ons daaruit kan leer:

Genesis 18:16-33	1 Konings 3:6-9
1 Konings 8:22-53	1 Kronieke 29:10-19
2 Kronieke 14:11	2 Kronieke 20:5-12 (lees verder)
Nehemia 1:4-11	Nehemia 9:5-37
Psalm 51	Psalm 90:12-17
Daniël 9	Matteus 6:9-13
Johannes 17	Handelinge 4:23-31
Efesiërs 1:15-23	Efesiërs 3:14-21
Filippense 1:9-11	Kolossense 1:9-14
Kolossense 4:2-4	1 Tessalonisense 5:23
2 Tessalonisense 1:11-12	2 Tessalonisense 3:1-2
Filemon vers 4-6	Hebreërs 13:20-21
Openbaring 22:20b	

Die Here is groot en goed. Loof en prys Hom aan die hand van die volgende Skrifgedeeltes:

Genesis 1:1	Josua 10:12-14	Nehemia 9:1-37
Psalm 46:11	Psalm 95:1-7	Psalm 103:1-5
Jesaja 40:12-31	Matteus 6:24-34	Matteus 28:18
Johannes 3:16	Johannes 13:1	Romeine 5:8-10
Romeine 8:31-39	Romeine 11:33-36	1 Korintiërs 15:28
Efesiërs 1:19-23	Filippense 4:19	Kolossense 1:15-20
1 Timoteus 6:15-16	1 Johannes 4:9-10	Judas 24-25
Openbaring 1:17-18	Openbaring 21 en 22	



## Gebed en geestelike oorlog

Elke gelowige is in 'n intense geestelike oorlogstryd gewikkel (Efesiërs 6:10-20 en Openbaring 12:12-17). Die wêreld is vasgevang in die greep van Satan en die sonde (2 Korintiërs 4:4 en 1 Johannes 5:19). Satan mag nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar alte goed (2 Korintiërs 2:11). Christus het gekom en die *sterk man*, die duiwel, gebind (Markus 3:27), oorwin (Hebreeërs 2:14-15) en sy werk vernietig (1 Johannes 3:8). God het ons uit die mag van die duisternis weggeruk. Hy het ons onder die heerskappy van sy Seun wat Hy liefhet gestel (Kolossense 1:13). Nou deel ons sý gesag oor die bose magte (Efesiërs 1:18-22 en 2:6). Ons word geroep om mense vir Christus te wen en hulle so te bevry uit die mag van die sonde en die duiwel (Handelinge 26:16-20).

Doen vier dinge:

1. Getuig biddend van Christus se liefde, genade en verlossing. Getuig van die oorwinning wat reeds behaal is.
2. Val die werke van die Bose deur gebed aan en vernietig dit (Matteus 6:13 en 2 Korintiërs 10:3-5).
3. Bid dat Christene die planne en werk van Satan sal ken en sorg dat hy hulle nie daarmee vang nie (2 Korintiërs 2:11).
4. Bid dat die wil van God in die lewe van sy kinders sal geskied. Bid dat dit ook in al hoe meer mense se lewe sal geskied (Matteus 6:10).

Jy moet die dinge wat die Satan in die lewe van mense doen (ook op jóú plaas en in jóú gemeenskap), deur jou gebede aanval en vernietig. Kom ons kyk wat hy doen:

1. As leuenaar mislei en verlei hy mense (Johannes 8:44). Na sy finale nederlaag deur die kruis en die opstanding van Jesus, is die leuen die enigste wapen wat Satan het.
  - Hy laat mense glo dat hy nie bestaan nie.
  - Hy laat mense glo dat hulle sonde kan doen en nogtans die gevolge daarvan sal vryspring.
  - Hy laat mense glo dat sonde tot hulle voordeel kan wees (Genesis 3:1-5 en Spreuke 1:8-19).
  - Een van die grootste leuens van Satan is dat gebed geen verskil maak nie. Christene wat dit glo word beroof van baie van die voordele van die Koninkryk waarop hulle geregtig is.





2. Hy stel strikke vir gelowiges om hulle te vang (1 Timoteus 3:7).
3. Hy verblind mense sodat hulle ...
  - nie hulle sonde raaksien nie (Openbaring 3:17 en Maleagi 1:6-7).
  - nie die Evangelie glo nie (2 Korintiërs 4:4).
4. Hy probeer Christene se geloof vernietig (Lukas 22:31).
5. Hy gebruik geweld, intimidasie en vervolging om sy sin te kry (Handelinge 4:21-29 en 5:40; 1 Petrus 5:8; Openbaring 2:10-13 en 13:16).
6. Hy maak mense bang, moedeloos en depressief (1 Konings 19:1-4; Matteus 10:28; Romeine 8:15; Openbaring 2:10).
7. Hy verhinder die werk van die Here (1 Tessalonisense 2:18).
8. Hy plaas bose gedagtes in mense (Johannes 13:2 en Handelinge 5:3).
9. Hy vuur mense aan om ongehoorsaam te wees en die dinge van die sondige natuur te doen (Galasiërs 5:19-21; Efesiërs 2:2; Jakobus 3:14-16).
10. Deur ongelowiges voer hy skinderveldtogte en kwaadstokery teen God se kinders (Jeremia 18:18 en Openbaring 2:9).
11. Hy plaas sy volgelinge binne-in die kerk om God se werk lam te lê (Matteus 13:25 en 38-39).
12. Hy hou mense passief, vasgevang in uiterlike, kragtlose godsdiens (2 Timoteus 3:1-5 en Openbaring 3:15-16).
13. Hy laat gelowiges hulle tyd op onbenullighede mors. *Satan is an expert in getting us to major on minors, and to minor on majors.* (Vergelyk Matteus 23:24 en Filippense 1:9-10).
14. Satan beset mense en neem beheer oor hulle (Johannes 13:27).
15. Hy haal teksgedeeltes buite verband aan om mense tot sonde te mislei. (Hy het dit alreeds met Jesus probeer - Matteus 4:1-11).
16. Hy laat mense glo dat hulle die regte ding op 'n verkeerde manier kan kry. (Dit het hy ook met Jesus probeer - Matteus 4:8-9).



Bid teen die werk van die duiwel. Bid vir beskerming teen sy bose aanslag (Matteus 6:11). Proklameer oorwinning in die Naam van Jesus. **Bid dan dat die wil van God geskied. Sy wil is ...**

1. Dat alle mense gered word!  
(Matteus 18:14; 1 Timoteus 2:3-4; 2 Petrus 3:9)
2. Dat almal sal glo in die Here Jesus Christus, die Seun van God.  
(Johannes 3:16; Johannes 6:29; Handeling 16:31; Romeine 10:8b-13; Galasiërs 2:16 en 1 Johannes 3:23)
3. Dat dié wat gered is, van Hom sal getuig!  
(Matteus 28:19; Handeling 1:8; 1 Petrus 2:9 en 3:15)
4. Dat Christene deur die Woord en Gees beheer sal word!  
(Galasiërs 5:16 en 25; Efesiërs 5:17-18; Romeine 8:8-9 en 14)
5. Dat ons Hom én ons medemens sal liefhê! Dat Christene mekaar sal liefhê en eensgesind sal wees! (Matteus 22:37-40; Johannes 13: 34-35 en 17:20-23; Romeine 15:5-7; 1 Johannes 3:16-18 en 23)
6. Dat ons heilig sal lewe!  
(1 Tessalonisense 4:3-8; 1 Petrus 1:16; 1 Johannes 2:6)
7. Dat ons ons aan gesag (ook die owerheid) sal onderwerp!  
(Romeine 13:1-7; Titus 3:1; 1 Petrus 2:13-15)
8. Dat ons in alle omstandighede dankbaar sal wees!  
(1 Tessalonisense 5:18; Efesiërs 5:20 teenoor Judas vers 16a)
9. Dat ons in Hom sal bly en Hy in ons!  
(Johannes 15:4-8)
10. Dat ons gedurig sal bid.  
(Lukas 5:16; Lukas 18:1; 1 Tessalonisense 5:17)

Deur gebed ontvang ons die voordele van die Koninkryk van God. Christus het dit vir ons verdien. Gebed is die beste manier om die werk van die Bose te vernietig en om die wil van God te laat geskied. Ken jou vyand en sy strategieë. MAAR nog belangriker, ken Jesus wat hom reeds oorwin het (Openbaring 5:5 en Hebreërs 2:14-15). Hy laat jou in sý oorwinning deel!



Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## DEEL 3

### Fokus op die transformasie van jou gemeenskap

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; Godsdienst; Onderwys; Regering; Media; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en Besigheid.

**1 Timoteus 2:1-6a is baie belangrik! Dit sal goed wees as jy die Skrifgedeelte mettertyd memoriseer.** Dis waarom ek dit telkens by elkeen van die sewe terreine herhaal! Verskillende vertalings word gebruik.

**Onthou jou gemeenskap lyk soos dit lyk omdat Christene bid soos hulle bid!** Onthou die verhaal van mense wat water in die wynvat gegooi en só hulle verantwoordelikheid ontduik en op ander afgeskuif het (Hoofstuk 1). Kom jou verantwoordelikheid na! Bid vir jou gemeenskap.

Hoe om dit te doen:

1. Die Skrifgedeeltes en inhoud wat in 'n bepaalde hoofstuk gegee word, is te veel om op een dag in jou stiltetyd deur te werk. Neem jou tyd om deur 'n hoofstuk te werk en oor alles te bid. **Jy kan 'n paar dae by een terrein stilstaan.** Gebruik dan elke dag 'n ander Skrifgedeelte om oor te bid.
2. Hierdie is **net riglyne. Dit kan jou help om Gees-geïnspireerde inhoud aan jou gebede te gee.** Moenie tevrede wees om net te bid: *“Here dink aan só en só”* nie. Of: *“Here, wees asseblief met dié en daai”* nie. Wees spesifiek oor wat jy wil hê die Here moet doen. Laat die Woord en Gees jou lei. Vra die **Heilige Gees om jou te help** om die riglyne wat hier gegee word, doeltreffend te gebruik.
3. Lees 'n Skrifgedeelte en die sleutelgedagtes daarby. Dink 'n oomblik daarvoor na. Bid dan alles wat die Heilige Gees op jou hart lê. **Jy hoef nie elke keer ál die Skrifgedeeltes te lees nie.** Mettertyd gaan die Gees sekere dinge in jou hart vaslê.
4. Soms word **inleidende opmerkings** gemaak. Dit sal jou help om na te dink, dinge in Bybelse perspektief te plaas en sinvol vir dié terrein te bid.



## Bid vir gemeenskapstransformasie: Families

*Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het...*

(1 Timoteus 2:1-6a. 1983-Vertaling).

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: **Familie**; Godsdien; Onderwys; Regering; Media; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en Besigheid.

### Bid vir families

In ons tyd is die enkele grootste probleem in families die afwesigheid van pa's in die gesin. Van die 886 202 geboortes wat gedurende 2014 in SA geregistreer is, is 61% sonder enige inligting oor die pa's geregistreer. Volgens navorsing is vaderloosheid (en afwesige pa's) die grootste enkele bydraende faktor tot geweldsmisdade, tienerswangerskappe, selfmoord, en vele ander sosiaal-maatskaplike probleme soos dwelmmisbruik. **Lees die volgende Skrifgedeeltes en bid dan oor die sake wat genoem word:**

#### † Maleagi 2:13-16

- ✓ Die huwelik is 'n **verbond**, nie 'n kontrak nie. Daarom is dit permanent;
- ✓ Huwelikstrou;
- ✓ Geen egskeiding, want egskeiding is niks anders as geweld nie;
- ✓ Huwelikstrou lei tot kinders ('n nageslag) wat God eer en dien.

#### † Hebreërs 13:4

- ✓ Die huwelik moet **respekteer** en na **waarde** geag word;
- ✓ Huweliksmaats moet aan mekaar **getrou** wees;
- ✓ **Geen seksuele losbandigheid of egbreuk** is aanvaarbaar nie.



† **Matteus 19:3-9**

- ✓ God se oorspronklike bedoeling is: **Één man** en **één vrou**, permanent verenig in 'n **verbondsverhouding** totdat die dood hulle skei.

† **Matteus 18:1-14**

- ✓ Ouers moet kinders namens Jesus (in sy Naam) ontvang;
- ✓ Moenie kinders van God afvallig maak of laat struikel nie;
- ✓ Moet nooit 'n enkele kind minag nie;
- ✓ God wil dat alle kinders gered word.

† **Efesiërs 5:21-32**

- ✓ Wedersydse onderdanigheid tussen man en vrou;
- ✓ Opofferende liefde soos Jesus (nie baasspelerig of selfsugtig nie);
- ✓ Illustrasie van die verhouding tussen Christus en sy Bruid (Kerk);
- ✓ Versorg mekaar;
- ✓ Huwelikseenheid;
- ✓ Bring die beste in mekaar na vore.

† **1 Tessalonisense 4:2-8**

- ✓ <sup>4</sup>*Elkeen van julle moet weet hoe om op te tree wanneer julle 'n vrou soek. Tree op soos mense wat aan God behoort en wat sy eer soek.* <sup>5</sup> *Moenie uit seksuele drange 'n vrou soek soos die ongelowiges wat God nie ken nie. ...* (Nuwe Lewende Vertaling)

† **1 Korintiërs 7:36-40**

- ✓ **Christene mag net met Christene trou.** Daar kan nie 'n verbond, 'n vennootskap of ware eenheid tussen gelowiges en ongelowiges wees nie (2 Korintiërs 6:14-18).

Notas: Skryf enige iets anders wat die Gees op jou hart lê om vir gesinne en families te bid, hier neer. Jy kan ook die name van jou eie familie en/of gebedsversoeke vir hulle, neerskryf:

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Bid vir gemeenskapstransformasie: Godsdiens

*First of all, then, I urge that **petitions, prayers, requests, and thanksgivings** be offered to God for all people; for kings and all others who are in authority, that we may live a quiet and peaceful life with all reverence towards God and with proper conduct. This is good and it pleases God our Saviour, who wants everyone to be saved and to come to know the truth. For there is one God, and there is One who brings God and human beings together, the man Jesus Christ Jesus, who gave Himself to redeem everyone. ... (1 Timothy 2:1-6a. Good News Bible).*

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; **Godsdienst**; Onderwys; Regering; Media; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en Besigheid.

### Bid vir kerke en geestelike leiers (1)

- † **2 Timoteus 3:15-17 en 4:1-5**
  - ✓ Kerke en kerkleiers moet die **gesag van die Woord** aanvaar;
  - ✓ Hulle mag nie in navolging van die tydgees en om vervolging vry te spring, die waarheid vir leuens verruil nie.
- † **Markus 10:42-45 en Matteus 23:8-12**
  - ✓ **Leiers moet diensknegte wees** wat nie op titels en status ingestel is nie.
- † **Handelinge 20:17-27; 1 Timoteus 4:11-16; 1 Timoteus 6:13-14**
  - ✓ Leiers se manier van **lewe** moet hulle boodskap versterk;
  - ✓ Hulle moet op hul taak en **roeping** fokus en dit ernstig opneem;
  - ✓ Hulle moet die **ware en volle Evangelie** aan mense verkondig.
- † **Johannes 17:20-23**
  - ✓ **Eenheid en samewerking** tussen kerke en kerkleiers is nodig.
- † **Matteus 28:18-20; Handelinge 1:8**
  - ✓ Alle Christene moet dissipels maak (**oorgee-, omgee- en aangeemense**);
  - ✓ Christene moet deur die krag van die Heilige Gees getuig.



- † **1 Tessalonisense 5:17; Handeling 2:41-42; Handeling 6:4**  
✓ Kerke en kerkleiers moet in **gebed volhard**.
- † **Handeling 20:33-35; 1 Tessalonisense 2:9**  
✓ **Geld mag nooit die motivering** vir 'n bediening wees nie.
- † **Matteus 7:15-20; Handeling 20:29-30; 2 Timoteus 4:1-5**  
✓ Bid teen **vals profete** wie se woorde en daede nie ooreenstem nie, en wat die Evangelie tot hul eie voordeel misbruik.

## Bid vir kerke en geestelike leiers (2)

- † **1 Korintiërs 12; Efesiërs 4:11-16**  
✓ Elke lidmaat moet aktief besig wees om sy **funksie in die liggaam te vervul**.
- † **Efesiërs 4:11**  
✓ Elke gelowige moet deur die **vyfvoudige bediening** van *apostels, profete, evangeliste, herders en leraars* toegerus word vir dienswerk. (Besoek [www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net) vir meer inligting.)
- † **Hebreeërs 12:15-16; Galasiërs 6:1-2; Kolossense 3:16**  
✓ Elke gelowige moet iemand hê wat indringende vrae aan hom vra en hom aanspreeklik hou vir alles wat hy doen (*An accountable partner or friend*).
- † **Johannes 17:18; Romeine 12:1-2**  
✓ *Die bootjie hoort in die water, maar die water nie in die bootjie nie - dis lewensgevaarlik! Net so hoort die Christen in die wêreld, maar die wêreld moenie in die Christen kom nie - dis óók lewensgevaarlik.* Bid teen dié gevaar van wêreldgelykvormigheid.
- † **Matteus 28:18-20**  
✓ Maak dissipels en leer hulle om te doen wat Jesus gesê het. Jesus was 'n **oorgee-, omgee- en aangee-Mens**. Dit het sý lewe gekenmerk en dit is wat Hy sy dissipels geleer het. Dissipels is dus mense wie se lewe, soos dié van Jesus, deur *oorgee, omgee en aangee* gekenmerk word.





**Oorgee aan God**

- ✓ Gered deur te glo
- ✓ Gedoop
- ✓ Gehoorsaam
- ✓ Gemeenskap met God (sinvolle stiltetyd)
- ✓ Gevul met die Gees

Handelinge 16:31  
Handelinge 2:38  
Lukas 6:46  
Handelinge 2:42  
Galasiërs 5:25

**Omgee vir mense**

- ✓ Gelowiges en ongelowiges
- ✓ Geestelike en fisiese nood

Galasiërs 6:10  
Jesaja 58:6-12

**Aangee vir die wêreld**

- ✓ Gedrag: deur jou lewe en voorbeeld
- ✓ Gebed: bid vir ongeredde mense en wêreld
- ✓ Getuig: deur die Evangelie te deel
- ✓ Gee: bydraes vir Koninkryk, sending en kerk
- ✓ Gelowiges toerus vir dienswerk  
en om ander te leer

1 Johannes 2:6  
Matteus 9:35-38  
Handelinge 1:8  
3 Johannes:5-8  
2 Timoteus 2:2

Notas: Enige iets anders wat die Here deur sy Gees op jou hart lê om vir kerke en kerkleiers te bid:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Bid vir gemeenskapstransformasie: Onderwys

*In die eerste plek vermaan ek dan dat smekinge, gebede, voorbedes, en danksegginge gedoen moet word vir alle mense; vir konings en almal wat hooggeplaas is, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid. Want dit is goed en aanneemlik voor God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, ... (1 Timoteus 2:1-6a. 1933/1953-Afrikaanse Vertaling).*

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; Godsdien; **Onderwys**; Regering; Media; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en Besigheid.

### Bid vir onderwysers (1)

- † **1 Timoteus 2:4**
  - ✓ Alle onderwysers moet gered word – dis God se wil!
- † **1 Timoteus 4:12 en 1 Timoteus 5:22b**
  - ✓ Onderwysers moet goeie rolmodelle vir kinders wees - rein en onberispelik in alle opsigte.
- † **1 Korintiërs 13:1-7**
  - ✓ Onderwysers moet kinders onvoorwaardelik liefhê;
  - ✓ **Work is love made visible!** Daarom moet onderwysers gehalte-onderrig gee.
- † **Matteus 18:1-14**
  - ✓ Onderwysers moet kinders namens Jesus (in sy Naam) ontvang. Hulle moenie kinders van God afvallig maak of laat struikel nie. Hulle mag geen kind minag nie. Hulle moet kinders na Jesus lei. Dis immers God se wil dat alle kinders gered word!
- † **Psalm 78:72**
  - ✓ Integriteit (karakter) en vaardigheid (om gehalte-onderrig te gee) is belangrik. Dis twee noodsaaklike eienskappe van leiers.



- † **Filippense 2:3-5**  
✓ Stel altyd kinders se belange eerste.
- † **Romeine 2:11 en Efesiërs 6:9b**  
✓ Geen voortrekkery en/of diskriminasie is aanvaarbaar nie.
- † **Deuteronomium 8:5; Spreuke 22:6 en Hebreërs 12:4-12**  
✓ Dissipline én liefde moet hand aan hand loop.

## Bid vir die onderwys (2)

Onderwys en onderwysers is om verskeie redes onder geweldige druk. Praat met die Here oor alles wat jou bekommer. Stort jou hart voor Hom uit (Filippense 4:6-7)!

1. Ouers verwag van onderwysers om te doen wat hulle nie self by die huis doen of regkry nie. Huislike probleme word onderwysers se moeilikheid. Afwesige pa's is een van die grootste oorsake van gedragsprobleme by kinders. Kinders ontvang nie **ELSA** (Erkenning, Liefde, Sekuriteit en Aanvaarding) in die huis nie, en soek dit dan op allerhande verkeerde plekke by verkeerde mense en in verkeerde dinge.
2. Daar is 'n **georganiseerde, demoniese aanslag** teen goeie onderwys en effektiewe onderwysstelsels<sup>7</sup>. Dit gaan oor die hart van die kind – die volgende geslag. Dis 'n stryd tussen lig en duisternis. In dié stryd is misleiding die vernaamste strategie van die Bose (Openbaring 20:10; 2 Timoteus 3:13 en 2 Tessaloniënsense 2:9-12).
3. Ten spyte van Spreuke 13:24, is **lyfstraf** uit skole weggeneem. Maar niks is in die plek daarvan vir onderwysers gegee om orde en dissipline mee te handhaaf nie. Die implementering van **waardes-programme** is dringend noodsaaklik.
4. Daar is toenemende **druk om godsdienste uit skole te verwyder**. Eintlik is dit net gemik teen die Christelike Godsdienst, want die wêreld haat Christus en sy Kerk (Johannes 15:18-25).
5. Die **invloed van die internet en sosiale media**; die beskikbaarheid van (selfgemaakte) pornografie en dwelms; bende-aktiwiteite; boeligedrag; die kultuur van geweld en vernietiging van eiendom om probleme op te los, ensovoorts, plaas onderwys voor enorme uitdagings.

---

<sup>7</sup> Google: Alice Ann Bailey – Ten point plan.



6. Die **opleiding van onderwysers** is van die uiterste belang. Elke fase van die kind se ontwikkeling is belangrik. Daarom is kwaliteit-opleiding van alle onderwysers (van grondslagfase tot by matriek) uiters belangrik. Alle onderwysers moet bekwaam en produktief wees. Hulle werksetiek moet 'n voorbeeld vir die kinders wees. Kinders moet die praktiese toepassing van *“high standard, on time, without wastage and with joy”* in die lewe en werk van onderwysers sien.
  
7. Die standaard van onderwys in baie staatskole is baie swak. Die invloed van onbybelse en vals oortuigings wat onderliggend is aan baie leerplanne, is gevaarlik. Tuisonderrig en privaatskole is egter vir die grootste deel van die bevolking nie moontlik nie. Vir tuisonderrig moet ouers goed geletterd en baie kundig wees. Ten minste een ouer moet ook voltjds beskikbaar wees vir dié taak. Slegs ryk ouers kan dit bekostig om hulle kinders in privaatskole te sit. Oplossings moet gevind word om **kwaliteit-onderwys aan alle kinders te bied**. Daarvoor is onderwys- en politieke leiers nodig *“wat wysheid het en vol is van die Heilige Gees”*. Volgens Handeling 6:1-4 sal sulke leiers in staat wees om te verseker dat een groepering nie bo 'n ander bevoordeel word nie. (Christen-ouers wat wel die tyd en geld het om hul eie kinders tuis te onderrig, behoort ook minderbevoorregte kinders van hul personeel en/of uit die gemeenskap op een of ander wyse te help.)
  
8. **Plase is dikwels ver van dorpe af.** Kinders moet noodwendig in koshuise of by familie en vriende tuisgaan. Die molestering van baie van dié kinders is 'n skokkende realiteit. Dikwels word die losiesgeld wat betaal word nie gebruik om vir die kinders te sorg nie. Dit word op ander dinge vermors. Ons plaaskinders is in groot nood!

Notas: Wat lê die Here nog deur sy Gees op jou hart om vir onderwysers en die onderwys te bid? Skryf dit hier neer. Jy kan ook die name van onderwysers, skoolhoofde en die minister van onderwys neerskryf:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Bid vir gemeenskapstransformasie: Regering

*I exhort therefore, that, first of all, supplications, prayers, intercessions, and giving of thanks, be made for all men; For kings, and for all that are in authority; that we may lead a quiet and peaceable life in all godliness and honesty. For this is good and acceptable in the sight of God our Saviour; who will have all men to be saved, and to come unto the knowledge of the truth. For there is one God, and one Mediator between God and men, the man Christ Jesus; Who gave Himself a ransom for all, ... (1 Timothy 2:1-6a. King James Version)*

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; Godsdien; Onderwys; **Regering**; Media; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en Besigheid.

### Bid vir die regering (1)

(Op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak)

Bid dat leiers die volgende eienskappe en/of vermoë sal hê of ontwikkel:

- † **Psalm 78:72**
  - ✓ Goeie leiers het integriteit én vaardigheid.
- † **Eksodus 18:21**

Leiers behoort ...

  - ✓ bekwaam te wees;
  - ✓ die Here te dien;
  - ✓ die waarheid lief te hê;
  - ✓ nie ingestel te wees op persoonlike voordeel of selfverryking nie.
- † **Markus 10:43-45; Filippense 2:3-5**
  - ✓ Christen-leiers moet die gemeenskap dien en hulle belange eerste stel.
- † **1 Kronieke 12:32**
  - ✓ Goeie leiers moet die tyd waarin ons leef verstaan en weet wat ons in hierdie tyd behoort te doen.



† **1 Konings 3:6-12**

Bid dat leiers wysheid sal ontvang om ...

- ✓ namens God te regeer (1 Kronieke 28:5);
- ✓ gesag namens God uit te oefen (Romeine 13:1-7);
- ✓ die gemeenskap “*God’s Way*” te lei;
- ✓ die gemeenskap veilig en gesond te hou;
- ✓ gehalte-onderwys vir almal te verseker;
- ✓ met geld te werk, goeie rentmeesters te wees en die land se ekonomie reg te bestuur;
- ✓ werk te skep en/of die privaatsektor te motiveer en te help om werk te skep.

† **Daniël 6:5; Lukas 16:10-12**

- ✓ Absoluut betroubaar wees in finansies en administrasie.

† **Eksodus 18:17-25; Nehemia 7:1-2; Spreuke 22:29 en 25:5**

- ✓ Betroubare en bekwame amptenare moet aangestel word;
- ✓ Die staatsdiens moet effektief wees en gehalte-diens lewer;
- ✓ Goddelose mense moet uit die staatsdiens verwyder word.

† **1 Timoteus 3:1-5**

- ✓ Politieke en gemeenskapsleiers moet goeie rolmodelle wees en ’n positiewe voorbeeld stel;
- ✓ Hulle moet onberispelik wees;
- ✓ Hulle moet een huweliksmaat hê en aan hom/haar getrou bly;
- ✓ Hulle moet nugter wees en aan niks verslaaf wees nie.

† **Spreuke 12:19 en 22, asook Daniël 2:20-23**

- ✓ Bid dat alle leuens en bedrog in die politiek aan die lig sal kom;
- ✓ Bid dat duister magte en kragte ontbloot sal word;
- ✓ Bid vir ’n onafhanklike regbank;
- ✓ Bid vir ’n effektiewe opposisie wat rekenskap van die regerende party eis en hulle aanspreeklik hou.

## **Bid vir die regering (2)**

(Polisie, Justisie en Korrektiewe Dienste)

In die Woord openbaar God Homself as die Regverdigde (Jeremia 23:5-6). Hy trek nie party mense voor en diskrimineer teen ander nie. Hy kan nie omgekoop word om die reg te verdraai nie (Deuteronomium 10:16 en Romeine 2:11). Hy laat altyd reg en geregtigheid geskied (Jesaja 9:6). Sy oordeel is betroubaar, regverdig en reg (Openbaring 16:7 en 19:2).



God wil Homself as die Regverdigde aan mense openbaar. Hierin moet geregsdienaars sy medewerkers wees. Die manier hoe geregsdienaars hulle werk doen, moet mense laat sien en beleef dat God regverdig is.

God gee gesag aan die owerheid om sý (God) reg uit te oefen (Romeine 13:1-7). Dis die taak van die owerheid, by name die polisie en justisie, om namens God reg en geregtigheid te laat geskied.

† **2 Kronieke 19:5-9**

*"Van stad tot stad, ..., het hy (koning Josafat) regters in die land aangestel en hulle opdrag gegee: 'Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle. Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie.' ... 'Julle moet julle opdrag uitvoer in eerbied vir die Here, in trou en in volkome onpartydigheid.'"*

- ✓ Bid dat geregsdienaars hulle Goddelike roeping verstaan;
- ✓ Bid vir die uitroei van alle onreg, bevoordeling en korrupsie;
- ✓ Bid vir 'n onafhanklike en onpartydige regbank.

† **Eksodus 23:1-9 en Levitikus 19:15**

- ✓ Daar mag geen samewerking en/of sameswering met misdadigers wees nie;
- ✓ Geregsdienaars mag nie doen wat verkeerd is nie. Hulle moet by die waarheid bly;
- ✓ Die sosiale posisie van 'n aangeklaagde (ryk of arm; geleerd of ongeletterd, ens.) mag nie die regspraak beïnvloed nie;
- ✓ Omkoperij is onaanvaarbaar. Dit ondermyn reg en geregtigheid;
- ✓ Bid vir die veiligheid van die polisie en hulle gesinne.

† **Jeremia 9:23-24 en Miga 3:8-9**

- ✓ Geregsdienaars moet die Here ken en dien;
- ✓ Geregsdienaars moet betroubaar en van goeie karakter wees;
- ✓ Hulle moet liefde, reg en geregtigheid laat geskied;
- ✓ Die polisie en justisie moet so betroubaar wees en soveel agting en respek in die gemeenskap geniet, dat niemand die reg in eie hande sal wil neem nie.

† **Matteus 25:34-40 en Hebreërs 13:3**

- ✓ Die Evangelie moet ook in gevangnisse verkondig word;
- ✓ Korrupsie moet in gevangnisse uitgeroei word;
- ✓ Gevangenes moet beskerm word teen geweld en seksuele vergrype;



- ✓ Bewaarders mag nie kop in een mus met misdadigers wees en verbode goed in tronke insmokkel nie;
- ✓ Gevangenes moet effektief gerehabiliteer word om weer suksesvol in hulle gesinne en die gemeenskap in te skakel;
- ✓ Bid vir die families van gevangenes.

Notas: Skryf neer wat die Here deur sy Gees nog op jou hart lê om vir die regering te bid. Jy kan ook die name van politieke leiers (plaaslik, provinsiaal en/of nasionaal) hier neerskryf:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....





## Bid vir gemeenskapstransformasie: Media

*Die eerste ding wat ek vra, is dat julle vir almal moet bid. Vra dat God almal moet help met wat hulle nodig het en sê vir God dankie daarvoor. Dit maak nie saak of dit die belangrikste persoon in die regering is en of dit sommer 'n gewone polisieman is nie, bid vir elkeen wat moet sorg dat alles goed gaan in die gemeenskap. Julle sal die vrugte daarvan pluk, want julle sal dan in rus en vrede julle gang kan gaan en kan leef soos God wil hê julle moet leef. So hoort dit en so hou God, wat ons gered het, daarvan. God wil hê alle mense moet na Hom toe kom en by Hom leer wat waar is. Daar is mos net een God en daar is net een Mens wat ons kan help om by God uit te kom, en dit is Christus Jesus. Hy het die prys betaal wat nodig was sodat ons saak met God weer reg kon wees; ja, Hy het Homself daarvoor gegee (1 Timoteus 2:1-6a. Die Boodskap).*

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; Godsdien; Onderwys; Regering; **Media**; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en Besigheid.

### Bid vir die media

Die Media (joernaliste) is die **waghond** van die samelewing en “blaf” sodra hulle snuf in die neus kry oor iets wat nie reg is nie. Joernaliste dien die samelewing deur onreg, korrupsie en allerhande wanpraktyke aan die lig te bring. Dit is baie nodig. Daarom moet die Media vry wees om oor enige iets en enigiemand te skryf. **Maar**, die Media word gedryf deur mense. Mense wat hulle eie standpunte en oortuigings aan ander wil oordra. Sommige word ook gebruik, misbruik en omgekoop om 'n bepaalde standpunt te propageer. Die Media **beïnvloed** dus die samelewing se denke en standpunte. Al dié standpunte en oortuigings is egter nie altyd waar of goed nie, want die Media is ook 'n **besigheid** wat dikwels **geld** en sensasie najaag. Slegte nuus en sappige skinderstories verkoop mos beter.

Numeri 13 gaan oor die Here se opdrag om die land wat Hy aan Israel belowe het, te verken. Die verkenners moes gaan kyk **hoe** God se opdrag om die land in besit te neem, uitgevoer **kan** word. Hulle moes nie kyk **óf** dit uitgevoer kan word nie. Hulle verslag was veronderstel om die volk te motiveer. Maar die teendeel het gebeur. Hulle verslag het hul eie siening van die lewe, van hulleself, van die probleem en van God weerspieël



(13:27-33). Tien van die twaalf verkenners het gesê dat dit onmoontlik is om God se opdrag uit te voer. Hulle negatiewe beriggewing (Numeri 13:32) het die volk laat moed verloor. Hulle het begin kla (Numeri 14:1), in plaas daarvan om op die Here te vertrou (14:11-12). Omdat die tien manne die volk se geloof in God met hul subjektiewe en negatiewe beriggewing ondermyn het, het die volk nooit hul Godgegewe erfenis in besit geneem nie.

Daar is min neutrale beriggewing. Joernaliste se siening van 'n saak weerspieël meestal die oortuigings van hul eie hart. Hulle werk vir of téén die koms van die Koninkryk. Hulle bou óf ondermyn jou geloof in God. Uit hul pen kom waarheid óf leuens. Voordat jy alles glo wat in die media verskyn, vra jouself eers af: Wat is die verslaggewer se verhouding met God? Wat is sy hartsoortuiging? Staan hy/sy aan die kant van die waarheid of nie? Is hy/sy betroubaar? Want die raad wat jy kry is net so betroubaar soos die persoon by wie jy dit kry (Spreuke 12:5). Daarom is die mening van 'n verslaggewer net so betroubaar as die verslaggewer self.

Wees ingelig, maar moenie dat jou oë en ore 'n asblik vir die gemors van die wêreld word nie. Slegte gerugte en skinderstories is soos lekker kos – mense sluk dit maklik (Spreuke 18:8).

#### † **Jesaja 5:20**

✓ Egte waardes:

Waardes mag nie omgeruil word nie. Sleg moet sleg genoem word. Dit mag nie as goed voorgelê word nie. Lig moet lig bly en duisternis moet duisternis genoem word.

#### † **Eksodus 20:16; Spreuke 12:19 en 22**

✓ Waarheid:

Lieg en bedrieg is een van die primêre karaktertrekke van die duiwel. Dis ook die enigste manier waarop hy nog invloed en mag oor Christene kan uitoefen: Hy moet hulle oortuig om sy leuens te glo. Net die Waarheid/waarheid maak vry. Lees Johannes 8:32, 36 en 44, asook Efesiërs 4:25.

#### † **Efesiërs 4:29**

✓ Opbouende beriggewing:

Bid vir skrywers en uitgewers van goeie en Christelike boeke en tydskrifte. Bid ook vir die vervaardigers van opbouende programme.

#### † **Filippense 4:8**

✓ Fokus op wat mooi en goed is:

Bid dat joernaliste en regisseurs, maar ook lesers en kykers op dit wat mooi en goed is, sal fokus. Bid teen dit wat negatief en afbrekend is.



† **Johannes 17:15**

- ✓ Bewaring teen die Bose:

Bid dat die Media nie 'n werktuig van sonde en boosheid sal wees nie. Boosheid soos: pornografie, okkulte, humanisme, materialisme, sekularisme, vals godsdienste, ensovoorts.

- ✓ Drukgroepe:

Bid dat die Media nie deur sekere drukgroepe wat pro-aborsie; pro-gay; pro-dwelms, ensovoorts is, gekaap sal word nie.

† **Galasiërs 5:13**

- ✓ Pers- en mediavryheid;

- ✓ Verantwoordelike vryheid:

Bid dat vryheid altyd met verantwoordelikheid uitgeleef sal word. Bid dat dit nie misbruik sal word vir sonde en losbandigheid nie.

† **1 Korintiërs 10:31**

- ✓ Eerbetoon aan God:

Bid dat Christene in die media-wêreld God in hulle werk sal eer.

Notas: Wat wil die Heilige Gees hê moet jy nog vir die Media bid?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Bid vir gemeenskapstransformasie: Vermaaklikheid

*I urge, then, first of all, that petitions, prayers, intercession and thanksgiving be made for all people - for kings and all those in authority, that we may live peaceful and quiet lives in all godliness and holiness. This is good, and pleases God our Saviour, who wants all people to be saved and to come to a knowledge of the truth. For there is one God and one Mediator between God and mankind, the man Christ Jesus who gave Himself as a ransom for all people. (1 Timothy 2:1-6a. New International Version).*

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; Godsdienst; Onderwys; Regering; Media; **Vermaaklikheid** (kuns, sport en kultuur) en Besigheid.

### Bid vir kuns, sport en kultuur (1)

Kuns, sport en kultuur het 'n baie groot invloed op mense (Christene en nie-Christene) se daaglikse lewe. Die invloed is selde of ooit neutraal. Dis meestal positief of negatief. Daarom moet ons ernstig bid vir hierdie terrein. Kom ek verduidelik eers waaroor dit gaan. Vra die Gees om jou insig te gee.

**Eerstens: Ons mooi God skep mooi dinge en gee gewas aan mense om ook mooi dinge tot stand te bring.**

Dawid sing in Psalm 27:4 dat dit sy begeerte is *“to gaze upon the beauty of the Lord”*. Omdat God **asemrowend mooi** en **onbeskryflik goed** is, reflekteer die ganse skepping sy heerlikheid en prag (Genesis 1; Psalm 19:2-7; Romeine 1:20; Openbaring 4:6b-11). Daar is kleur en klank; harmonie en ritme; verskillende ontwerpe en pragtige vorms; ruimtes en groottes; krag en energie; lewe en beweging. Daar is skoonheid en liefde! Die estetiese (skoonheid en alles wat mooi is) het sy oorsprong in God, die Skepper<sup>8</sup>. Nadat God alles geskep het, het Hy op die sewende dag gerus. Dit beteken nie God was moeg en uitgeput nie. Op die sewende dag het Hy Hom **verlustig** in alles wat Hy geskep het. Dit was baie goed (Genesis 1:31). *“Uit Hom en*

<sup>8</sup> Die DVD's *Beautiful People* deur Jamie Uys; *God of Wonders* deur Jim Tetlow en *The Indescribable* deur Louie Giglio bied goeie voorbeelde van God se kunswerk wat sy wysheid, kreatiwiteit en skoonheid reflekteer.



*deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen* (Romeine 11:36).

Dit is God, die Skepper van ons pragtige wêreld, wat aan mense hulle vaardighede en kreatiwiteit gee (vgl. byvoorbeeld Eksodus 35:30 tot 36:1). Ons moet dié vermoë gebruik om Hom te eer! Omdat ons na die beeld van die Skepper geskep is, moet ons ons skeppende vermoë en kreatiwiteit gebruik om kunswerke (alles van skilderye tot geboue en plase) te skep wat, soos die skepping self, die skoonheid, goedheid en grootheid van God sigbaar maak. Ons kunswerk moet ook *uit Hom, deur Hom en tot Hom* wees, selfs al word sy Naam nie genoem of al het dit niks met kerk en godsdiens te doen nie! Mense in die vermaaklikheidsbedryf is ook geroep om God in alles te verheerlik (1 Korintiërs 10:31).

**Tweedens: God is die ewige en onuitputlike Bron van krag en energie. Hy verkwik ons siel. Hy herstel ons krag en hernu ons energie. Hy doen dit óók deur mense.**

God het alles geskep, hou alles in stand en maak alles nuut (Genesis 1:1-3; Hebreërs 1:3 en Openbaring 21:5). Hy sluimer nooit in nie en raak nooit aan die slaap nie (Psalm 121:4). Hy gee nuwe krag en energie aan mense wat uitgeput en oorlaai is (Jesaja 40:27-31 en Matteus 11:28-30).

Maar met ons is dit anders. Na 'n tyd van harde werk het die mens (gees, siel en liggaam) altyd 'n behoefte aan rus, ontspanning, vreugde, verfrissing en herstel. Daarom het God Israel beveel om sy voorbeeld te volg. Hulle moes gereeld ophou werk en hulle verlustig in Hom en in alles wat Hy geskep het (Eksodus 20:8-11). Hulle moes ook gereeld feesvier, want God is goed! Rus, vreugde en die heropbou van ons krag is God se begeerte vir elke mens. Die Prediker skryf: *Ek het tot die insig gekom dat daar vir die mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet. Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dít is 'n gawe van God* (Prediker 3:12-13; vgl. ook Prediker 2:24-25). Dawid sing in Psalm 23:3 "*Hy verkwik my siel*". Ons het gereelde verkwikking nodig!

Die vermaaklikheidsbedryf moet God se medewerker wees. Deur die bedryf wil God in ons behoefte aan rus en verkwikking voorsien op 'n manier wat Hom eer en ons bevoordeel. Mense in die bedryf moet hulle gawes gebruik om almal wat moeg, moedeloos, uitgeput en gedreineer is, weer op te tel, te motiveer, te inspireer, vreugde en nuwe energie te gee. Hulle moet mense help om weer die regte perspektief op God en die lewe te kry. Hulle taak is om ons te help om die lewe te vier, al werk ons hard. Om te lag, al is ons



gedurig bewus van die sorg van die lewe. God wil hê dat sy kinders selfs in die *nag* 'n lied moet kan sing (Job 35:10; Psalm 42:9 en Handeling 16:25).

**Daarom kan die vermaaklikheidsbedryf nie aan die Bose en sy volgelinge oorgelaat word nie.** Christene moet hulle roeping in die vermaaklikheidswêreld uitleef. Daarom móét ons vir hulle bid! Hulle moet God se medewerkers wees wat help om mense te verkwik! Perspektief te gee! Hulle moet mense help om te lag! Help om te glo en te hoop! Inspireer om na beter te strewel! Help om mense se potensiaal te besef en te ontwikkel. Help om die mooi en die goeie raak te sien en daarvoor te juig! Help om die lewe op die regte manier te geniet.

Daarom kan en moet ons bid vir dinge wat mooi, skoon, lekker en inspirerend is. Ons moet bid vir dinge wat ons laat ontspan, ons nuwe drome laat droom en die lewe lekker maak. As Christene kan ons nie toelaat dat ons gemeenskap moeg, moedeloos en verwaarloos word nie. Ons gemeenskap mag nie uitsigloos en sonder vreugde voortploeter nie. Dit mag nie vuil en siek, stukkend en verval, neerdrukkend en somber wees nie. Daar is iets beter. Dis waarvoor ons móét bid en werk. Elke gemeenskap en elke plaas moet mooi en inspirerend wees! 'n Venster waardeur mense iets van die Koninkryk van God kan sien. Die wat kreatief is, kunstenaars, sportmanne en -vroue en kultuur-organisasies speel almal 'n belangrike rol hierin.

Ek vertrou jy sal nou met insig en oorgawe vir kuns, sport en kultuur bid.

#### † **Romeine 11:36 en 1 Korintiërs 10:31**

##### **Roeping en taak:**

- ✓ Bid dat sportmanne en –vroue, kunstenaars en kultuurleiers sal bely: *Uit Hom, deur Hom en tot Hom is alle dinge!*
- ✓ Bid dat hulle God 24/7 sal verheerlik in ALLES wat hulle doen.
- ✓ Bid dat hulle hul Godgegewe taak en roeping sal verstaan en hulle gawes en vermoëns sal gebruik om:
  - die gemeenskap en veral jongmense positief te inspireer;
  - dinge en gebeure weer in die regte perspektief te plaas;
  - 'n waardering vir alles wat mooi en goed is te kweek;
  - 'n feestelike atmosfeer in die gemeenskap te skep;
  - as rolmodelle Bybelse waardes te demonstreer;
  - gemeenskappe op te bou.

#### † **Efesiërs 5:18-20**

##### **Die Gees in plaas van drank:**

- ✓ Mense moet met die Heilige Gees vervul word sodat hulle vol vreugde, blydschap en dankbaarheid sal wees;
- ✓ Bid dat mense nie na drank en dwelms sal gryp om van hul sorg te vergeet of om moed te kry vir die lewe nie



- ✓ Sportbyeenkomste en ontspanningsgeleenthede mag nooit as gevolg van die misbruik van drank in losbandigheid ontaard nie;
- ✓ Gesonde sport- en ontspanningsgeleenthede, asook die infrastruktuur wat daarvoor benodig word, moet in elke gemeenskap geskep word.

† **1 Timoteus 6:6-11 en 17-19**

**Rentmeesterskap in plaas van misbruik:**

Geld speel ook 'n groot rol in die vermaaklikheidswêreld. Baie geld word deesdae op die sportveld en die verhoog verdien.

- ✓ Almal moet onthou dat alles aan die Here behoort;
- ✓ Almal moet goeie rentmeesters wees van dit wat God aan hulle toevertrou;
- ✓ Almal moet hul sin vir waardes behou. Hulle moenie geld misbruik of 'n uitspattige leefstyl navolg nie.

† **Eksodus 20:1-6 en Handeling 14:11-17**

**Heldeverering:**

- ✓ Mense mag nie verafgod word nie;
- ✓ Sporthelde, vermaaklikheidssterre en charismatiese godsdiensteleiers mag nooit 'n groter invloed op 'n gemeenskap hê as die lewende God nie.

† **Markus 6:31; Prediker 5:17-19 en Psalm 23:3**

**Verkwikking in plaas van verslawing:**

Ons word oorlaai met pligte, take en verantwoordelikhede. Dikwels oorlaai ons onself. Méér moet in minder tyd gedoen word. Alles moet haastig en vinnig gebeur. Spanning, depressie en baie ander gesondheidsprobleme en leefstylsiektes word meer soos wat ons spoed toeneem. Mense leef nie meer nie, hulle oorleef net. In plaas van rus en die verkwikking wat die Herder gee, word daar na allerlei energie-aanvullers gegryp.

- ✓ Bid vir gereelde rus;
- ✓ Bid vir die vermoë om jou in die Here te verbly en jou te verlustig in alles wat mooi, goed en reg is;
- ✓ Bid dat sportmanne en –vroue, kunstenaars en leiers bewaar en beskerm sal word teen verslawing en afhanklikheid.

† **Romeine 8:20b-21 en Matteus 14:20**

**Inspirerend in plaas van neerdrukkend:**

Ons mag nie toelaat dat die fisiese omgewing waarin mense leef hulle neerslagtig en depressief maak nie. **As mense wat na die beeld van 'n asemrowende mooi God (Openbaring 4) geskep is, moet ons almal saam 'n mooi en inspirende omgewing rondom ons skep.** Elke gemeenskap se omgewing moet respek vir God en waardering vir wat mooi en skoon is, weerspieël.



- ✓ Bid dat plase, dorpe en woongebiede skoon- en mooigemaak sal word en dat alle inwoners daarmee sal help;
- ✓ Bid vir die instandhouding van ou infrastruktuur. Bid vir die skep van nuwe noodsaaklike infrastruktuur op plattelandse dorpe;
- ✓ Bid dat die fisiese omgewing waar mense woon en werk sal bydra tot 'n positiewe selfbeeld en 'n gevoel van trots.

## **Bid vir sport, kuns en kultuur (2)**

In elke kultuur is daar mooi en goeie dinge. Maar in elke kultuur is daar ook dinge wat in stryd met die Woord en wil van God is. Ons leef in 'n **ons-weet-beter-kultuur** waar die gesag van God se Woord verwerp word. Mense dink dat hulle beter weet as God. Maar dis dwaas om God, die *Fontein van lewende water* te verlaat en vir onself waterbakke uit klip te kap, waterbakke wat gebars is en geen water kan hou nie (Jeremia 2:13)! **Hoe dieper ons in die ons-weet-beter-kultuur geanker is, hoe groter word die chaos om ons. Maar ons sien nie die verband tussen ons beterweterigheid en die chaos nie.** Ons voel die pyn daarvan, maar verstaan dit nie en draai nie terug na God nie (Jeremia 2:19; 2 Kronieke 7:14 en Openbaring 9:20-21). Hoe meer ons ons eie kop volg oor die huwelik en seksualiteit, hoe hoër is die vigs- en egskeidingsyfer en hoe meer vaderlose, gebroke kinders stuur ons die wêreld in. Hoe meer ons abortsie regverdig, hoe meer gewelddadig word die samelewing. Ons verstaan nie dat ons geweld, moord en verkragting oes omdat ons dit saai nie. Ons wettig die moord van ongebore babas. Ons liefde vir geld en plesier het groter geword as ons liefde vir God (2 Timoteus 3:4). Ons kultuur word deur 'n soeke na genot bepaal, en nie deur 'n liefde vir God nie.

**Daarom moet elke kultuur voortdurend skoongemaak word** van alles waarvoor Christus 'n duur prys aan die kruis betaal het. Die wil van God moet aan almal bekend gemaak word, anders verwilder 'n volk. Burgers word dan woos en wreed, boos en onbeheerbaar (Spreuke 29:18). Ons het 'n roeping om volke, stamme, tale en nasies te dissipel (Matteus 28:18-20), nie net individue nie.

**Die Koningskap van Christus moet op elke lewensterrein, ook in die vermaaklikheidswêreld (sport, kuns en kultuur), proklameer word.** Die Koninkryk van die hemel moet op aarde kom (Matteus 6:9-10). Christus moet sportmanne se Koning op die veld wees **én** by die partytjie na die wedstryd (1 Korintiërs 10:31). Skeppende kuns moet Christus, deur wie alles geskep is, eer (Johannes 1:1-3 en Kolossense 1:15-17). Hoe ons oor die huwelik dink en hoe ons troues hou, mag nie deur ons kultuur, gewoontes en gebruike bepaal word nie. Dit moet deur die Koning bepaal word. Ons moet soos Christus oor die huwelik dink.





† **Spreuke 4:23 en Romeine 12:1-2**

**God, en nie ons kultuur nie, moet ons denke bepaal:**

Die oortuigings in jou hart, bepaal jou lewe. Die oortuigings in die hart van 'n gemeenskap beïnvloed en bepaal die kultuur van daardie gemeenskap. Oortuigings wat waar is en ooreenstem met die Woord van God, het goeie en positiewe gevolge. Oortuigings wat in stryd is met die Woord van God, skep probleme. Dit geld vir individue, gemeenskappe en volke. Bid dat die oortuigings van julle gemeenskap in ooreenstemming met die Woord sal wees:

- ✓ Oortuiging oor wie **God** is;
- ✓ Siening van wie en wat die **mens** is;
- ✓ Verstaan van die **skepping**;
- ✓ Siening van **tyd en ewigheid**;
- ✓ Denke oor **werk** en verantwoordelikheid.

† **Jesaja 5:20, Jeremia 2:13 en 19, asook Romeine 1:18-23**

**Die bitter gevolge wanneer God en sy Woord verwerp word:**

- ✓ Elke volk, taal, stam en nasie moet terugkeer na God die Vader, Seun en Heilige Gees: Die *Fontein van lewende water*;
- ✓ Die gesag en betroubaarheid van die Woord (Bybel) moet deur almal aanvaar word;
- ✓ Bybelse waardes moet uitgeleef word.

† **Efesiërs 5:8-13 en Romeine 12:1-2**

**Breek met onbybelse tradisies en gewoontes:**

- ✓ Mense moet krities na hul eie kultuur kyk en al hulle gewoontes, tradisies en gebruike aan die hand van die Bybel toets;
- ✓ Gemeenskappe moet hulle gewoontes en gebruike rondom huwelike en begrafnisse krities evalueer. Waar nodig moet hulle dit in ooreenstemming met die Woord, verander;
- ✓ Mense moet hulle siening van die lewe na die dood op die geopenbaarde waarheid in die Woord van God bou. Nie op allerhande onbybelse tradisies nie.

† **Deuteronomium 18:9-14; Markus 7 (veral vers 8), Open. 9:20-21**

**Breek met onbybelse tradisies en gewoontes:**

- ✓ Die houvas wat sekere gebruike en tradisies van heidene (ongelowiges) op julle gemeenskap het, moet gebreek word;
- ✓ Alle kulture moet skoongemaak word van okkultiese gebruike.

† **Handelinge 17:30-31 en Handelinge 26:18-20**

**Almal moet tot bekering kom:**

- ✓ Sportmanne en -vroue, kunstenaars en kultuurleiers moet tot bekering kom;
- ✓ Hulle moet ware ambassadeurs vir Christus wees. Hulle moet goeie rolmodelle vir hulle aanhangers wees;



- ✓ God se kinders in die vermaaklikheidswêreld mag nie in Satan se strik trap nie. Hy vang mense maklik met die misbruik van mag, geld en seks. Saam met roem kom baie versoekings.

Notas: Wat lê die Here nog deur sy Gees op jou hart om vir kuns, sport en kultuur te bid?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Bid vir gemeenskapstransformasie: Besigheid

*Heel eerste pleit ek daarvoor dat smeking, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, vir konings en almal wat hoë posisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe in alle vroomheid en waardigheid kan lei. Dit is goed en reg in die oë van ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kom. Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself as losprys vir almal gegee het ...* (1 Timoteus 2:1-6a Nuwe Testament en Psalms – 'n Direkte Vertaling).

Om 'n klimaat te skep waarin mense gered en tot kennis van die waarheid kan kom, 'n klimaat waarin gemeenskappe sal verander, moet daar deurlopend vir die volgende sewe terreine gebid word – veral vir leiers op elke gebied: Familie; Godsdiens; Onderwys; Regering; Media; Vermaaklikheid (sport, kuns en kultuur) en **Besigheid**.

### Bid vir besighede en boerderye (1)

Die Bybel maak dit duidelik dat God alle mense en alle nasies wil seën. Hy wil hê almal moet Hom as **Jehovah Jireh** (Genesis 22:14) leer ken: Die God wat voorsien. Die Vader wat sorg. Boere en sakemanne moet hulleself as God se medewerkers sien. Hulle is deel van sy plan om Homself as **Jehovah Jireh** aan die gemeenskap te openbaar. Die **doel van besigheid** is veel meer as om net geld vir jouself te maak: dis **om die goedheid van God aan mense te openbaar en hulle die Vader se sorg te laat beleef**.<sup>9</sup>

Die ekonomie van 'n dorp is nie net van 'n paar sakemanne afhanklik nie, maar van die hele gemeenskap. Elkeen moet sy kant bring.

#### † **Roeping: Maak God as die Voorsiener bekend.**

- ✓ Boere en sakemanne moet hulle goddelike roeping verstaan en uitleef;
- ✓ Almal in jou gemeenskap moet God se goedheid en sorg beleef.

† **Werk is aanbidding (Work is worship).** In Genesis word dieselfde woord, naamlik diens, vir *werk* en *aanbidding* gebruik. Paulus gebruik dieselfde woord vir die ampte in die kerk.<sup>10</sup> Daarom glo ons werk is ook 'n manier om God te aanbid. **Werk is aanbidding!** (Work is

<sup>9</sup> Lees gerus die boek van Landa Cope, *An Introduction to the Old Testament Temple*.

<sup>10</sup> Johan Carstens – Revolusie in die werkplek bl. xi



Worship!). Die primêre doel van arbeid is **om God te verheerlik** deur die werk te doen wat Hy ons gee.

- ✓ Werk is aanbidding, daarom moet mense *altyd produktief wees en hoë gehalte werk lewer.*

† **Werk is sigbare liefde (Work is love made visible).** Kwaliteit dienste en produkte laat mense iets van God se liefde en sorg ervaar.

- ✓ Boere en sakemanne se liefde vir die gemeenskap moet sigbaar word in die kwaliteit van produkte en dienste wat hulle lewer.
- ✓ As jy mense liefhet, wys dit dan deur jou werk goed te doen. Jou werk is 'n liefdesdiens aan die gemeenskap. Die boer wys sy liefde deur die produsering van gesonde en voedsame produkte; die onderwyser deur goeie onderwys; die munisipaliteit deur kwaliteit dienslewering en die polisie deur effektiewe polisiëring.

† **Efesiërs 4:23-28**

- ✓ Almal moet **hard en eerlik werk**. Dit is deel van ons *nuwe lewe in Christus*. Die gesindheid waarmee ons werk, wys hoe *dankbaar* (of ondankbaar) ons vir ons verlossing is. Om te werk is ook die *eerste tree uit armoede* en dit stel ons in staat om *mededeelsaam* te wees.
- ✓ Vandag is daar 'n **neiging om finansiële voorsiening te skei van die Bybelse boodskap van harde werk en die toepassing van gesonde ekonomiese beginsels** (Spreuke 31:10-31 en 2 Tessalonisense 3:6-12). Voorsiening word gekoppel aan geluk en "wonderwerke". Mense wil hê God moet op bo-natuurlike wyse kits-rykdom in hul skoot laat val. Hulle wil nie, in gehoorsaamheid aan Hom, hard werk of die ekonomiese beginsels in sy Woord toepas nie. Hulle dobbel liever.

† **Spreuke 10:4 en 22**

- ✓ Spreuke is die boek van Lewenskunde. Dis prakties. Dit leer ons hoe om te lewe. Spreuke 10:4 fokus op die **mens se verantwoordelikheid** en Spreuke 10:22 op **God se goedheid**. Dié twee kan nie geskei word nie. Om God se goedheid en die mens se verantwoordelikheid te skei, het slegte ekonomiese gevolge. Bid dat mense dit nie sal skei nie.

## Bid vir besighede en boerderye (2)

† **Spreuke 11:1**

- ✓ Alle besigheid moet eerlik wees.



† **Matteus 7:12 en Lukas 6:36**

- ✓ Werkgewers moet ander seën, en nie net geseën wil word nie;
- ✓ Werkgewers moet die hand wees waardeur God hulle werkers seën<sup>11</sup>.

† **Spreuke 10:2; 15:27; 20:17; 20:21; 21:6; 28:8**

- ✓ Bid teen dwelmhandel in die gemeenskap;
- ✓ Bid teen die uitbuiting van arm mense deur peperduur mikrolenings (*cash loans*);
- ✓ Bid vir die verlossing van mense wat aan dobbel verslaaf is.

† **Levitikus 19:13-14; Eksodus 20:15 en 2 Tessalonisense 3:10**

- ✓ Bid teen alle vorme van diefstal:
  - die steel van landbouprodukte;
  - winkeldiefstal;
  - diefstal by die werk;
  - steel van die besigheid se tyd deur luiheid, onproduktiwiteit, asook voortdurende onderbrekings as gevolg van die gebruik van sosiale media;
  - uitbuiting van werknemers;
  - die nie-nakoming en/of verbreking van ooreenkomste;
  - die terughou van dit wat ons uit dankbaarheid aan God moet gee;
  - misleidende advertensies, ensovoorts.
- ✓ Bid vir werkskepping, veral op die platteland. Werkskepping is noodsaaklik sodat niemand hoef te steel nie, maar kan werk om te eet.

† **Deuteronomium 8:10-18 en 2 Kronieke 26:3-5 en 15b-16**

- ✓ Rykdom en welvaart kan 'n seën wees, maar dit hou ook 'n gevaar in. Dit lei maklik tot die ignorering van God, verwaandheid en die misbruik van mag. Bid dat sakemanne en boere nie in dié strik sal trap nie.

† **Job 31:13-15; Efesiërs 6:5-9; 1 Timoteus 6:1-2**

- ✓ Die herstel en bou van goeie arbeidsverhoudinge is baie belangrik;
- ✓ Werkgewers en werknemers moet mekaar se belange op die hart dra.

---

<sup>11</sup> *Wees die hand waardeur God jou arbeiders seën* – die vergoeding van arbeiders. Hennie Viljoen, Amos Agrimin - 2013



## Bid vir besighede en boerderye (3)

† Die organisasie, **Foundations for Farming**, fokus op die toepassing van vier beginsels ([www.foundationsforfarming.org](http://www.foundationsforfarming.org)):

- ✓ **On time (Betyds)**
- ✓ **High standard (Uitstaande gehalte)**
- ✓ **No wastage (Geen vermorsing)**
- ✓ **With joy (Met vreugde)**

Bid dat dié beginsels in boerderye en besighede toegepas word.

† **Openbaring 11:18b**

Willie Nel (Moolmanshoek, Ficksburg) skryf in sy boek “*Jou Rietdam Roeping*” dat boere altyd rekening moet hou met die “**triple bottomline**” (PPP):

- ✓ **People (Mense)**
- ✓ **Profit (Wins)**
- ✓ **Planet (Aarde)**

’n Boerdery moet winsgewend wees. Maar dit mag nooit ten koste van die natuur of mense gebeur nie. Bid teen swak landboupraktyke wat mense en die natuur benadeel.

† **Spreuke 10:26; 21:25-26 en Spreuke 23:19-21**

Volgens Spreuke is luiheid en verkwisting die grootste oorsake van armoede. Wanneer buitengewone omstandighede mense in ’n krisis dompel, is hulpverlening, in watter vorm ook al, noodsaaklik. Langdurige hulpverlening kan egter mense se selfbeeld afbreek en hulle lui en afhanklik maak. Daarom moet hulpverlening so gou moontlik oorgaan in bemagtiging. ’n Gemeenskap in nood moet gehelp word om so gou moontlik deur harde werk en produktiwiteit weer op hulle eie voete te kom.

- ✓ Bid vir wysheid om te onderskei tussen hulpverlening en bemagtiging.
- ✓ Die permanente betaal van toelaes aan werklose mense, hou groot gevare in. Dit takel hulle selfbeeld af en maak hulle lui.
  - Bid vir werkskepping;
  - Vra wysheid vir hulle wat besluite oor toelaes neem, asook vir dié wat die administrasie daarvan behartig;
  - Bid dat individue en gemeenskappe wat toelaes ontvang, dit sal gebruik om weer op hul voete te kom.

† **Spreuke 6:6-11; 12:24 en 21:25-26**

**Produktiwiteit** word bepaal deur:

- ✓ Die hoeveelheid werk wat gedoen word (hoe **baie**?);
- ✓ Die tyd waarin die werk gedoen word (hoe **vinnig**?);
- ✓ Die gehalte van die werk wat gedoen word (hoe **goed**?).



Produktiwiteit word deur baie dinge beïnvloed: gesondheid; slaap-, eet- en drinkgewoontes; huislike omstandighede; opvoeding en kultuur; karakter en integriteit; opleiding en ervaring; arbeidsverhoudinge; werksomstandighede; die aan- of afwesigheid van duidelike doelwitte en die gevoel van trots, ensovoorts. Praat met die Here oor ál hierdie sake, want **onproduktiwiteit ondermyn 'n besigheid se vermoë om tot seën vir die gemeenskap te wees.**

Notas: Skryf alles neer wat die Here deur sy Gees nog op jou hart lê om vir besighede en boerderye te bid:

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## DEEL 4

### Fokus op Amos Agrimin en ander landboubedieninge

Bid vir **Amos Agrimin**. Hierdie landboubediening beywer hom sedert 1993 vir die koms van God se Koninkryk in die landelike en boerderygemeenskap in Suid-Afrika en Afrika.

Jou doelgerigte voorbedding sal help om momentum aan *Living and Farming God's Way* te gee. Niks sal hierdie bediening kan keer nie omdat die gebed van regverdiges 'n kragtige uitwerking het.

DEEL 4 gaan oor **die visie en werk van AMOS**. Almal, ook jý, moet deeglik op hoogte bly van die doen en late van AMOS. Sodoende kan jy met insig vir AMOS bid en voor die troon boer.

## 15

### Bid vir Amos Agrimin



Die naam **AMOS** kom uit die Ou Testament. Amos was 'n boer en 'n profeet. Hy het gewaarsku teen vormgodsdienste, onreg en uitbuiting. Hy het verkondig dat godsdienstigheid nie genoeg is om God te behaag nie. God se kinders moet 24 uur van elke dag in verhouding met Hom en volgens sy wil leef. Die woord **Agrimin** is 'n afkorting van *Agricultural Ministries*.

AMOS se logo is ryk aan simboliek. Die windpomp simboliseer landbou. Die windpomp voorsien water en bring lewe en voorspoed. In **AMOS** bely ons Jesus Christus (die rooi kruis) as die Bron van Lewende Water (blou stroom). Sonder Hom is lewe in oorbloed onmoontlik. Die windpomp is





100% afhanklik van die wind. Net so is ons volledig afhanklik van die kragtige werking van die Heilige Gees.

### **Bid vir Amos:**

1. Die profeet **Amos** sê 40 keer: *So sê die Here*.
  - ✓ Bid dat AMOS net sal sê wat God sê. Niks meer en niks minder nie!
  - ✓ Bid dat landbouers die Woord sal ken en God se stem duidelik sal hoor.
  - ✓ Bid dat nie een van ons bang sal wees om God se wil vir die landbou te verkondig nie.
  
2. Die **windpomp** simboliseer die landelike en boerderygemeenskap.
  - ✓ Die Here het AMOS in 1993 geroep om die landelike en boerderygemeenskap in Suid-Afrika en Afrika te bedien. Bid vir dié gemeenskappe.
  - ✓ Bid vir alle landbouers: mans, vroue en kinders; kommersiële boere en bestaansboere; werkgewers en werknemers.
  - ✓ Bid dat *Living and Farming God's Way* almal se lewenstyl sal word.
  
3. Die **kruis van Christus** is sentraal.
  - ✓ Bid vir die proklamering van die Koningskap van Christus in die landbou.
  - ✓ Bid dat alle landbouers (werkgewers en werknemers, mans, vrouens en kinders) met die hart sal glo, met die mond sal bely en met hulle lewenswyse sal bewys dat Christus hulle Here en Koning is.
  - ✓ Bid vir Christus-gesentreerde landbou.
  
4. Die **windpomp is heeltemal afhanklik van die wind**. Sonder die wind is die indrukwekkende windpomp nutteloos.
  - ✓ Bid vir die kragtige werking van die Heilige Gees. Bid ook dat die gawes van die Gees in Amos Agrimin sal funksioneer.
  - ✓ Bid dat die Heilige Gees landbouers se hele lewe sal beheer.
  - ✓ Bid vir die vrug van die Gees in ons almal se lewe.
  
5. As die wind waai, vloei **die water wat lewe gee**.
  - ✓ *"As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink. Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees*



*verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang...*" (Johannes 7:37b-39a).

- ✓ Bid dat Amos Agrimin 'n bediening van die Gees sal wees.
- ✓ Bid dat AMOS in die warrelstroom ("slipstream") van die Heilige Gees sal beweeg. *"Wanneer jy 'n geritsel in die toppe van die melkbosse hoor, moet jy (blitsvinnig - 2 Samuel 5:24) aanval, want dan trek die Here voor jou uit om die leër van die Filistyne te verslaan"* (1 Kronieke 14:15).

Notas: Jy kan hier die name van mense wat in die Amos Bediening betrokke is, neerskryf en dan gereeld vir hulle bid.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....


.....



## Bid vir die Kernbesigheid van Amos Agrimin

Amos Agrimin wil sien dat die **Koninkryk van God** sigbaar word in die **landbougemeenskap**.

Daarom is ons kernbesigheid:



## LIVING AND FARMING GOD'S WAY

### Verhouding met God:

1. God het die mens se verhouding met Hom deur Christus herstel. Bid dat die landelike en boerderygemeenskap dit sal aanvaar: *"Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het. Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees"* (2 Korintiërs 5:20-21).
2. Bid dat die landelike en boerderygemeenskap se geestelike oë en verstand oopgemaak sal word sodat hulle die lig van die Evangelie kan sien (2 Korintiërs 4:3-6).
3. Bid dat die landelike en boerderygemeenskap sal breek met hulle ou sondige natuur en sy gewoontes. Bid dat hulle soos nuwe mense sal leef wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van hulle Skepper.



Mense wat groei tot die volle kennis van God en wat heeltemal met Hom vervul is (Kolossense 3:9-10 en Efesiërs 3:19).

**Verhouding met mense:**

1. Bid vir genesing van emosionele pyn, bitterheid en haat (Titus 3:3). Bid dat mense ander sal vergewe en sodoende self bevry sal word.
2. Bid vir gesonde, lewenslange huwelike tussen een man en een vrou. Dit bied aan kinders die veilige ruimte om gelukkig en gesond groot te word en die Here te dien (Maleagi 2:13-16). Bid teen die verwoestende effek van afwesige vaders in kinders se lewe.
3. Bid vir ouer-kind-verhoudinge en arbeidsverhoudinge; Bid vir eenheid en samewerking tussen Christelike kerke; Bid vir rasseverhoudinge.

**Verhouding met die skepping:**

1. Bid dat elke landbouer van die volgende waarhede oortuig sal wees:
  - ✓ Ek leef en boer op grond wat aan die Here behoort.  
(Levitikus 25:23 en Psalm 24:1)
  - ✓ Ek leef en boer op grond wat God met Homself versoen het.  
(Kolossense 1:15-23)
  - ✓ Ek leef en boer op grond waaroor Christus gesag (seggenskap) het.  
(Efesiërs 1:15-23)
2. Bid teen die vernietiging van die natuur deur onkunde, nalatigheid, gierigheid en oorbenuiting, bygelowe en swak landboupraktyke.
3. Bid dat mense die Skepper, en nie iets in die skepping nie, sal aanbid. Grond en geld mag nooit ons God word nie.
4. *Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie* (Hebreërs 11:3). *"Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge"* (Romeine 11:36). *"... Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. ..."* (Hebreërs 1:3). Bid dat dit die oortuiging in mense se hart sal wees.

Notas: .....

.....

.....

.....



## “Stand up for Jesus”

Bid die volgende lied (*AMOS “anthem”*) vir die landelike en boerdery-gemeenskap. Sing dit op die wysie van die Hallelujalied 244, *Staan op, staan op vir Jesus*.

1. Stand up, stand up for Jesus  
 Redeemer of the land  
 He's Lord of all creation  
 Victorious He stands  
 Let us all represent Him  
 And be His hands and feet  
 Let us fulfill our calling  
 As farmers on His land
  
2. Stand up, stand up for Jesus  
 All peoples of the land  
 Let's live and farm for Jesus  
 To glorify His Name  
 Let's conquer all the evil  
 And bring His Name great fame  
 Let us fulfill our calling  
 As farmers on His land
  
3. Stand up, stand up for Jesus  
 It's time to make our stand:  
 To live and farm for Jesus  
 'cross Africa our land  
 let's do work of high standard  
 Rejoicing in God's way  
 Let us fulfill our calling  
 As farmers on His land

Notas: .....

.....

.....



## Die Droom van AMOS

Bid dat die visie en droom van *Amos Agrimin, Living and Farming God's Way*, 'n werklikheid sal word. Die landbougemeenskap waarvan ons droom kan as volg omskryf word:

'n **Stabiele landbougemeenskap**, gekenmerk deur gesonde huwelike en gelukkige gesinne waar pa's en ma's hulle unieke rolle verstaan asook hulle verantwoordelikhede aanvaar en uitleef.

'n **Gelukkige landbougemeenskap**, waar verhoudings gekenmerk word deur wedersydse respek en onderlinge liefde; waar mense mekaar help en ondersteun; waar konflik, geweld en misdaad nie mense se lewens en besittings bedreig nie; waar reg en geregtigheid teenoor álmal, ryk en arm, geskied.

'n **Bemagtigde landbougemeenskap**, wat hulle taak, roeping en verantwoordelikheid verstaan; wat die kundigheid en vaardighede het om deur hulle arbeid 'n positiewe en blywende verskil in hulle gemeenskap te maak.

'n **Verantwoordelike landbougemeenskap**, wat 'n goeie rentmeester is van alles wat hulle uit God se hand ontvang en wat wéét dat toekomstige geslagte ook nog hierdie hulpbronne gaan nodig hê.

'n **Versorgde landbougemeenskap**, waar almal die vrug op hulle arbeid geniet; waar rykes nie te veel het en armes nie te min nie ( vgl. 2 Korintiërs 8:13–15).

'n **Produktiewe landbougemeenskap**, wat glo “*work is worship*” en “*work is love made visible*”; wat hulle werk geniet en daarna streef om hoë kwaliteit produkte te verbou en aan verbruikers waarde vir geld te bied.

'n **Kundige landbougemeenskap**, wat wetenskaplike kennis en tegnologie gebruik; wat die kuns bemeester het om werklik te lewe; wat glo dat lewenskunde net so nodig is soos wiskunde, aardrykskunde, veekunde, plantkunde, grondkunde en weerkunde.

**Notas:** .....

.....

.....



## Bid vir die besigheid van Amos Agrimin

'n Effektiewe bediening is te danke aan 'n effektiewe **span!** Bediening is nooit 'n eenmanvertoning nie. Naas die hoof funksies van AMOS, is daar ses ondersteuningsfunksies: finansies, personeel, logistiek, inligting en administrasie, skakeling en bemerking. Die mense wat hier werk is deel van die bediening al is hulle op die agtergrond. Dank die Here vir hulle en bid vir die belangrike werk wat hulle doen.

### 1. Finansies

*Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel* (Handelinge 6:3).

- ✓ Bid dat almal wat met die bediening se geld werk en besluite oor besteding neem, Geesvervuld sal wees en Goddelike wysheid sal hê.
- ✓ Bid dat hulle voor God en mens korrek sal optree en in alles bo verdenking sal wees (2 Korintiërs 8:16-24).
- ✓ Bid vir finansiële voorsiening sodat die werk kan voortgaan en uitbrei totdat *Living and Farming God's Way* oral in Afrika 'n werklikheid is (2 Korintiërs 8 en 9; 3 Johannes: 5-8). Bid dat die werk nie deur kontantvloei-uitdagings beperk sal word nie.

### 2. Personeel

*Hy sê toe vir sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes"* (Matteus 9:37-38). *"En dit is die gawes wat Hy gegee het: apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus. ... Die verskillende liggaamsdele pas bymekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde"* (Efesiërs 4:11-16).

- ✓ Bid dat die Here arbeiders uit verskillende volke en tale vir sy oes sal roep en mense met verskillende bedieninge en gawes deel van die AMOS-span sal maak.
- ✓ Vra die Here om ons te help om altyd mense in ooreenstemming met hulle gawes en bedieninge te gebruik.
- ✓ Bid vir die geestelike, emosionele, fisiese en finansiële versorging van personeel en medewerkers.



3. **Logistiek:**

Sorg dat die *regte hoeveelheid* van die *regte goed* op die *regte tyd* en die *regte plek* vir die *regte mense* beskikbaar is om hulle *werk die eerste keer goed en reg te doen* – dit is die goue reël van logistiek. Dit is 'n groot en deurlopende uitdaging vir bedieninge en nie-winsgewende maatskappye.

- ✓ Bid vir effektiewe logistieke ondersteuning aan die bediening: bruikbare toerusting en betroubare internet; goeie voertuie, voldoende infrastruktuur en geboue, akkommodasie vir personeel en studente, water- en kragvoorsiening, ensovoorts.
- ✓ Deurlopende instandhoudingswerk en bekwame mense om dit te doen.
- ✓ Die regte hoeveelheid van die regte bedieningsmateriaal in die regte tale vir die regte mense sodat hulle die landelike en boerderygemeenskap effektief kan bedien.

4. **Inligting en administrasie**

*Die ministers en die goewerneys-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreël-matigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen onreëlmatigheid skuldig nie* (Daniël 6:5).

- ✓ Bid vir effektiewe stelsels en sisteme wat die bediening ondersteun.
- ✓ Bid dat die databasis (lys van name en kontak-besonderhede) akkuraat en verteenwoordigend sal wees van AMOS se uiteenlopende teikengroep. Bid vir die voortdurende opdatering daarvan.
- ✓ Bid vir die veilige en toeganklike bewaring van inligting, soos die elektroniese meesters van publikasies en volledige rekordhouding van wie wanneer watter opleiding gedoen het.

5. **Skakeling:**

Die landelike en boerderygemeenskap wat ons bedien, sluit almal in: kommersiële boere, bestaansboere en plaaswerkers; mans, vroue en kinders. Almal het verskillende bedieningsbehoefte. Effektiewe skakeling word bemoelijk deur afstand, verskillende tale, beperkte selfoon- en/of internetverbinding, die voortdurende verandering van selfoonnommers en e-posadresse, asook elektroniese ongeletterdheid. Baie mense het ook nie fisiese posadresse nie.

- ✓ Bid vir nuwe, kreatiewe en bekostigbare maniere om effektief met ons hele teikengroep te kommunikeer.





- ✓ Bid dat *AMOS* selfoon-tegnologie effektief sal gebruik om die Koninkryk te bevorder.
- ✓ Bid vir effektiewe terugvoer aan ondersteuners en die deurgee van getuïenisse sodat die Here geloof en geprys word.

6. **Bemaking:**

Ons is daarvan oortuig dat die Evangelie van Jesus Christus inderdaad goeie nuus is, 'n blye boodskap wat met almal gedeel móét word (Lukas 2:10). Op 13 Augustus 1993 het die Here vir ons die opdrag gegee om aan elke persoon in Afrika wat deel van die landelike en boerderygemeenskap is, die geleentheid te gee om in 'n persoonlike verhouding met Christus te staan en volgens Bybelse waardes en norme te leef en te boer.

- ✓ Bid dat al hoe meer landbouers die visie sal uitleef en uitdra.
- ✓ Die gemiddelde ouderdom van die bevolking van Afrika is 19 jaar. Daarom móét *AMOS* jongmense bereik en bedien. Bid daarvoor.
- ✓ Bid vir die bekendstelling van *AMOS* se dienste en produkte. Bid vir die plant van GF4GF-Sentrums (GF4GF = Good Foundations for Good Fruit) waar ons aan jongmense goeie fondasies gee.
- ✓ Bid vir die deurlopende opgradering van die webblaai van Amos Agrimin en die GF4GF-Sentrums ([www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net) en [www.gf4gfcetres.co.za](http://www.gf4gfcetres.co.za)). Bid vir die effektiewe gebruik van sosiale media om die koms van die Koninkryk in die landelike en boerderygemeenskap te bevorder.

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



**Bid vir Amos-publikasies**

Prayer based on Proverbs 10:11, 20-21 and 31-32  
(The Holy Bible – New International Version)

The mouth of the righteous is a **fountain of life**, ...  
The tongue of the righteous is **choice silver**, ...  
The lips of the righteous **nourish many**, ...  
The mouth of the righteous **brings forth wisdom**, ...  
The lips of the righteous know **what is fitting**, ...

Die ontwikkeling en skryf van toepaslike publikasies vir die landelike en boerderygemeenskap is 'n belangrike deel van AMOS se werk. Terwyl ek skryf, bid ek gedurig die onderstaande gebed. Bid dit asseblief saam met my. Bid dit ook vir almal wat betrokke is by die ontwikkeling van programme en/of die skryf van materiaal. Bid dieselfde vir alle geestelike leiers op die platteland. Vra dat die Here ons smeekgebed sal verhoor sodat sy Naam verheerlik word.

**Holy Spirit, please inspire me to write what is fitting for Africa;  
Let the words flowing from my pen communicate Your wisdom;  
Add value to the words from my computer -  
make them choice silver;  
May every manuscript be a fountain of life!  
Please use every book to nourish many nations!**

Notas: Bid veral vir die skryf van die jaarlikse 40-Dae Gebedsfokus op die Landbou.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....  
.....



## Bid vir die maak van dissipels

*Jesus kom toe nader en sê: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde. Gaan dan na al die nasies toe en **maak** die mense my **dissipels**: **doop** hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en **leer** hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld"* (Matteus 28:18-20).

Volgens die voorbeeld van Jesus is 'n dissipel iemand wat:

**Oorgee** aan God

**Omgee** vir mense

**Aangee** – Jesus en sy Woord vir die wêreld

**Bid dat jou eggenoot, kinders, ouers, familie, vriende, kollegas en personeel dissipels sal word wat weer dissipels maak! Bid dat die volgende uitkomst bereik word:**<sup>12</sup>

### **OORGEE-mense:**

- ✓ se verhouding met God is herstel;
- ✓ is seker van hulle verlossing;
- ✓ is dood vir sonde en leef vir God;
- ✓ dink nuut omdat hulle denke deur God vernuwe is;
- ✓ is vervul met en toegerus deur die Heilige Gees;
- ✓ is 24/7 gehoorsaam aan God;
- ✓ is deel van 'n geloofsgemeenskap;
- ✓ het sinvolle omgang met die Woord;
- ✓ het 'n sinvolle toegewyde gebedslewe.

### **OMGEE-mense:**

- ✓ skakel in by 'n geestelike familie;
- ✓ neem verantwoordelikheid vir mekaar;
- ✓ gee rekenskap aan mekaar (hou mekaar "accountable");
- ✓ gee om vir alle mense;
- ✓ bedien mense (geestelike nood en emosionele pyn);
- ✓ help mense (in hulle fisiese swaarkry);
- ✓ help om sosiaal-maatskaplike probleme op te los;
- ✓ se basiese menseverhouding is herstel en gesond (Lees Efesiërs):

<sup>12</sup> Sien ook die gedeelte oor dissipelskap in hoofstuk 9 deel 2 waar vir kerke en kerkleiers gebid word.



- rasseverhoudinge
  - verhoudinge met mense binne hul gemeente
  - verhouding met ander kerke / denominasies
  - huweliksverhoudinge
  - verhouding tussen verskillende generasies (ouer/kind)
  - arbeidsverhoudinge
- ✓ vervul hulle funksie in die liggaam;
  - ✓ betoon liefde deur uitnemende werk te lewer.

**AANGEE-mense:**

- ✓ gehoorsaam die groot opdrag in Matteus 28:18-20;
- ✓ bid dat die Here arbeiders vir sy oes sal stuur;
- ✓ bid vir die redding van mense;
- ✓ is toegerus om getuies te wees;
- ✓ beweeg oor alle grense om hul opdrag uit te voer;
- ✓ kyk en leer by ander bedieninge;
- ✓ maak dissipels wat nog dissipels maak (2 Timoteus 2:2);
- ✓ vermenigvuldig bedieninge in die landbou;
- ✓ ontwikkel nuwe leiers;
- ✓ wil sien dat die Koninkryk oral kom en dat *Living and Farming God's Way* steeds beter en op meer plekke realiseer.

Dís die **fokus van AMOS se werk!** Dis **die uitkoms waarna ons streef** in die lewe van almal wat ons bedien! Die standaard van Christen-wees het baie laag geword. Daar is nog baie kerkmense, maar dissipels wat dissipels maak, is baie min. Dit help nie dat Christene net tussen kerke rondspring nie. Die een kerk groei en die ander een kwyn. Nuwe bekeerlinge moet uit die wêreld vir Christus gewen word. Hulle moet dissipels word wat weer ander dissipels gaan maak (2 Timoteus 2:2).

Notas: Skryf die name neer van mense wat jy graag wil hê **oorgee-, omgee- en aangee-mense** moet word. Bid vir hulle!

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## DEEL 5

### Boer voor die Troon met die volgende gebede

Bid hierdie gebede so dikwels as wat nodig is. Boer daarmee voor die Troon. Jy kan ook 'n paar vriende nooi om saam te bid. Beplan om julle vir twee of drie ure af te sonder in gebed. Werk dan van die volgende gebede biddend deur.

#### Voorstelle:

1. Lees 'n paragraaf van die gebed.
2. Soek die Skrifverwysings op en lees dit in die groep.
3. Gesels so drie of vier minute daaroor. (Nie langer nie.)
4. Bid dan vir daardie spesifieke saak. Elkeen bid net 'n paar sinne op 'n slag, maar kan meer as een keer oor dié saak bid.
5. Die Gees mag dalk nog 'n Skrifgedeelte op iemand se hart lê. Die persoon kan dit dan biddend in die groep lees. Bid dan verder. Hou aan bid oor dié saak totdat julle alles gevra het wat die Heilige Gees op julle hart gelê het.
6. Daarna lees die voorganger die volgende paragraaf van die gebed en vra verskillende persone om die Skrifgedeeltes te lees.
7. Bespreek dit weer kortliks en bid daaroor.
8. Breek na ongeveer 'n uur vir 'n paar minute. Moenie die bene-rek-tye te lank maak nie.

Mag hierdie gebedstye tot geestelike groei lei. Mag dit vir die Koninkryk tot groot seën wees. Ons Vader hoor wanneer sy kinders in eerbied voor Hom buig en met mekaar praat oor die dinge van sy Koninkryk (vgl. Maleagi 3:16).

## 22

### Gebed vir Grondhervorming (1)

Here, ons aanbid U. Aan U behoort alle grond en U leer ons hoe om te boer (Levitikus 25:23; Psalm 24:1 en Jesaja 28:23-29). Ons erken u reg om u grond te gee aan wie U wil. Leer ons almal in Afrika om goeie rentmeesters van u grond te wees. Leer ons om in liefde saam te woon

en te werk sodat ons u seën kan geniet (Psalm 133).

Gee asseblief aan ons die regte gesindheid, kennis en wysheid om grondhervorming in Suider-Afrika tot u eer en tot voordeel van almal te beplan, te befonds en te bestuur.



Vader, help die boerdery-gemeenskap, georganiseerde landbou, die regering, kerke, die privaatsektor en *Amos Agrimin* om hartlik saam te werk. Help ons om mooi na mekaar te luister en eerlik met mekaar te wees. Laat ons mekaar se belange op die hart dra. Help ons om met integriteit en redelikheid aan die gesprek deel te neem en mekaar al meer te vertrou.

Beskerm die grondhervormings-proses sodat dit nie ontspoor en ons almal in hongersnood en ellende gedompel word nie. Vernietig elke plan van die Bose om dit te doen.

Ontferm U asseblief oor almal wat in hierdie proses bang en onseker is en elkeen wat op een of ander manier verontreg is of verontreg voel. Betoon u liefde en genade aan almal wat in hierdie proses ly en swaarkry.

Leer en onderrig alle grondeienaars deur u goeie Gees! Leer ons om die regte ding op die regte tyd en die regte manier te doen (vergelyk Jesaja 28:23-29). Gee aan almal die wysheid en genade om u grond tot u eer te **bewoon**, te **bewerk** en te **bewaar** (Genesis 1:28 en 2:15).

Seën die mense van Afrika. Seën die opbrengs van Afrika se grond sodat niemand hongers sal ly nie. Voed en versorg Afrika deur die werk van ons hande. Help ons almal om God te dien deur Afrika te dien en nie Afrika ons dienskneg te maak nie. Seën ons boerdery-gemeenskap sodat ons tot seën vir Afrika kan wees.

Verhoor asseblief ons gebede en gee aan ons u vrede. Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here. **AMEN**

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Gebed vir Grondhervorming (2)

Die volgende gebed is gebore uit my worsteling met die Here oor grondhervorming. Op grond van die Skrif is ek oortuig dat ons vir en namens ander by God kan intree (vgl. Genesis 18:16-33; Numeri 14:1-20; Nehemia 1:4-11; Jesaja 53:11-12 en Lukas 23:34). Daarom bely ek die oorsaak van dié krisis namens landbouers. Ek doen dit al vir jare, en sal dit aanhou doen. Ek doen dit namens hulle wat steeds weier om hierdie sonde te bely. Ek doen dit ook ter wille van hulle wat steeds bitter en seer is, en sukkel om te vergewe. Ek vertrou dat my opregte belydenis hulle kan help om genesing te kry.

Belydenis, vergifnis en restitusie bring vryheid. Daarom doen ek 'n beroep op elkeen wat hierdie gebed lees om saam met my vir die landbou in die bres te tree (vgl. Esegieël 22:30-31). Die Here moet vir ons 'n nuwe bedeling gee waarin alle landbouers in vrede en harmonie tot sy lof en eer en tot voordeel van ons land, saamboer. Jy hoef nie elke keer die hele gebed te bid nie. Verskillende sake kom in verskillende paragrawe voor. Jy kan soms slegs een of twee sake by jou gebed insluit.

### Bid die volgende gebed in verband met grondhervorming:

Here, ek **aanbid** U as dié Een aan Wie ál die grond behoort (Levitikus 25:23; Psalm 24:1 en 60:8-10). U alleen kan ons raad en leiding gee oor hoe om die grondkrisis in ons land aan te spreek en op te los (vgl. Numeri 27:1-11, veral vers 5).

Vader, ek erken dat ons dié probleem wil oplos sonder om die sonde wat dit veroorsaak het, te bely. Ek **bely** vandag al die onreg van die verlede. Ek bely dat baie deur die ideologie van apartheid en sy wette, hulle grond onregmatig verloor het. Apartheid het hulle beroof van hulle reg om grond te besit. Here, ek erken dat dit groot pyn en hartseer in die lewe van baie

mense veroorsaak het. Ek erken dat dié stelsel ook blanke landbouers op verskillende maniere onregmatig bevoordeel het. Dit het veroorsaak dat daar steeds 'n groot ongelykheid in grondbesit is. Dit het ook bygedra tot die groot ongelykheid in boerderyvaardighede waarmee ons worstel.

Soos Nehemia (1:4-8) **bely ek** dat ook ek en my huis teen U gesondig het. Ons is ook op verskeie maniere, direk en indirek, verantwoordelik vir die onreg van die verlede en die ellende in die hede. Ons is bevoordeel bo baie van ons landgenote.



As landbouers **bely** ons dat ons die grond wat U aan ons toevertrou het, nie altyd bewoon, bewerk of bewaar het in ooreenstemming met u opdrag nie (Genesis 1:27-29 en 2:15). Sommige verwoes en vertrap die aarde deur gierigheid. Ander is onkundig en/of lui en is nie goeie rentmeesters van u grond nie. In baie gevalle ontheilig ons u grond en word dit onvrugbaar deur slegte verhoudinge en geweld, seksuele losbandigheid, godsdienstige rituele en okkultiese handeling wat U uitdruklik in u Woord verbied (Levitikus 18 met spesifieke verwysing na vers 25 en 28; Deuteronomium 18:9-14 en 28:15-68; Psalm 107:33-34; Jesaja 8:19-22; Hosea 4:1-3). Die land spoeg ons uit en gooi ons af vanweë ons goddelose lewe. Ons is onwillig om te erken dat ons sêlf dikwels die oorsaak van ons ellende is. Vergewe ons asseblief (Esegïel 36:24-32).

Here, ons **bely** ons onvermoë en onkunde oor hoe om van die ou na die nuwe bedeling oor te gaan op 'n manier wat regverdig en billik teenoor almal is. Ons bely dat rassisme, bitterheid, moedwilligheid, wraak, vergelding, verwaandheid, misbruik van mag, selfverontskuldiging en selfregverdiging, gruwelike veralgemenings en valse beskuldigings, eiebelang en gierigheid in baie gevalle nog 'n groot rol speel. Ons bely dat hierdie onbybelse gesindhede en optrede aan albei kante voorkom: dié wat

grond besit, en dié wat grond wil hê. Ons bely ons onvermoë om dié probleem met Goddelike wysheid (Jakobus 3:13-18) te hanteer, en eerlik en effektief 'n wen-wen-oplossing te onderhandel.

Jesus, ons almal wil tog so graag ander die skuld gee vir alles wat in die landbou verkeerd is, ... gewoonlik ander bevolkingsgroepe. Help ons asseblief om vandag daarmee op te hou. U het al ons skuld, ook wat grond en grondregte betref, op Uself geneem (2 Korintiërs 5:20-21 en Jesaja 53:4-5 en 11-12) en ons vrygespreek.

Here Jesus, U is die Oorwinnaar oor elke bose mag. **Bewaar en beskerm** ons asseblief teen Satan en sy bose magte. Ons weet hy is 'n leuenaar, dief en mensemoordenaar (Johannes 8:44). Hy gee vals oplossings en skep daardeur chaos en ellende in die landbou en die land. Ons bid teen elke poging van Satan om ons te mislei om hierdie krisis op verkeerde maniere te probeer oplos. Ons bid teen selfsug, jaloesie, naywer en afguns tussen alle rolspelers. U Woord leer ons dat hierdie gesindhede demonies is (Jakobus 3:14-15).

Gee asseblief Goddelike wysheid aan alle rolspelers, veral aan leiers wat planne en strategieë opstel. Maak hulle opreg, vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye





met die wat hulle grond reeds verloor het, nog kan verloor en die wat steeds nie grond besit nie (Jakobus 3:16-18). Laat hulle lewe gekenmerk word deur die vrug van die Gees (Galasiërs 5:22-23). Here, ons bid vir onpartydigheid, geregtigheid en redelikheid. U kan dit doen want by U is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie (2 Kronieke 19:7)!

**Seën ons** asseblief met leiers wat vir die landbou sal *wees soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk*. Leiers onder wie se leierskap die reg sal floreer en die landbou groot voorspoed sal beleef (vgl. Psalm 72:1-7).

Vader van genade, al is ons nie bymekaar nie, verenig ons in **gebed en belydenis** hieroor. Ons tree in vir alle landbouers - ook vir hulle wat U nie ken of dien nie. Ons pleit: Reinig ons harte, ons hande en ons grond van al die onreg wat ons al bedink het; al die kwaad wat ons al gedoen het; al die verwoesting wat ons al gesaai het. Here, ons is jammer! In plaas van reg, het ons onreg gesaai. In plaas daarvan om vir almal ruimte te maak, het hoofsaaklik een groep grond- en huiseienaars geword (Jesaja 5:8; Esegïel 46:16-18). In plaas daarvan om na mekaar te luister (Jakobus 1:19), het ons soos dwase gedurig probeer om ons eie opinie op ander af te dwing (Spreuke 18:2). Ons pleit

by U: Here, gee ons die kennis, die wil en die hulpbronne om reg te maak wat ons verbrou het.

Vader, U het vir Besaleël en Oholiab deur u Gees toegerus om met vaardigheid, insig en verstand die kunswerk vir die tent van ontmoeting te maak. U het hulle ook die begaafdheid gegee om ander as vakmanne op te lei (Eksodus 35:30 tot 36:1). Vader, doen asseblief vandag vir ons dieselfde! Ons pleit dat U in hierdie tyd Christenboere, en ook vir AMOS, deur u Gees die gawe en besondere vermoë sal gee om 'n nuwe geslag bekwame landbouers op te lei. Vader, ons kan dit nie sonder U doen nie. Ons kan hulle nie suksesvol mentor met ons natuurlike vermoëns nie. Ons het spesifieke gawes van u Heilige Gees nodig. Ons het u Gees en u gesindheid nodig!

Here, U het ons gemaak. Alles wat ons het, kom van U af en behoort steeds aan U (1 Kronieke 29:10-16). Maak ons gewillig om 'n bydrae te lewer om van grondhervorming en die -bemaagtiging van landbouers 'n sukses te maak. Maak ons mededeelsaam soos die vroeë Christene (Handelinge 2:44-45 en 4:32-37, asook 2 Korintiërs 8:12-15). Help ons om te glo dat U steeds baie goed vir ons sal sorg al deel ons dit wat ons ontvang het, met ander (2 Konings 4:42-44). Lees ook Deuteronomium 15:1-18, veral verse 12-18).



Heilige God, ons smeek U, gee asseblief vir die hele Afrika 'n gronden landboubedeling waarin u wil geskied en u Naam lof, eer en dank ontvang. Maak **Living and Farming God's Way** die begeerte, strewe en kenmerk van elke landbouer in ons mooi land.

Ons vra dit in die Naam van Jesus Christus, ons Here en Koning. **AMEN**

Notas: Wat lê die Here op jónu hart om nog vir hierdie saak te bid?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Seënbede oor grondhervorming

Grondhervorming is een van die mees gekompliseerde vraagstukke in die landbou. Maar met die wysheid wat God gee, kan dit in 'n kragtige getuienis omskep word. Seën daarom die landbou deur die volgende sake in geloof uit te spreek (Markus 11:23):

1. Die historiese en huidige oorsake van die krisis sál met berou bely word.
2. In gehoorsaamheid aan God sal wen-wen-oplossings gevind word.
3. Omdat alle grond aan die Here behoort, sál landbouers bereid wees om te deel.
4. Oor-en-weer-beskuldigings sál plek maak vir wedersydse begrip.
5. Alle rolspelers sál met integriteit aan die gesprek deelneem en probeer om ander te verstaan, vóórdat hulle daarop aandrang om verstaan te word.
6. 'n Nuwe, regverdige bedeling waarin landbouers in vrede en harmonie tot eer van God en tot voordeel van die hele land saam boer, sál aanbreek.
7. Die boerderygemeenskap, georganiseerde landbou, produsente-organisasies, landboubesighede, die regering, die privaatsektor, kerke en *Amos Agrimin* sál hartlik saamwerk en grondhervorming effektief **beplan, befonds en bestuur**.
8. Elke plan van die Bose om grondhervorming te laat ontspoor, sál vroegtydig aan die lig kom en deur gebed oorwin word (2 Korintiërs 10:3-5 en Daniël 2:22).
9. Die seën van die Here sál rus op die gehoorsaamheid van elke landbouer wat daadwerklik iets doen of gedoen het, om reg en geregtigheid in die landbou te laat geskied.
10. *Living and Farming God's Way* sál in grondhervorming sigbaar word. Voedselsekerheid sál behoue bly. God sál al die eer kry. **AMEN**

Notas: .....

.....

.....

.....



## 25

### Plaasveiligheid

(Psalm 91 en Psalm 144:14)

Dis nie net mense op plase wie se lewe deurlopend bedreig word nie. Dis nie net mense van “ander” volke en rasse wat geweldsmisdade pleeg nie. Gesinsgeweld en -moorde kom ook in ryk families en onder alle bevolkingsgroepe voor. Boere én polisie, taxi-bestuurders én inwoners van *townships* is die teiken van brutale aanvalle. Mans, vroue en kinders word daagliks in groot getalle gemolesteer en verkrag. Meer ongebore babas word vermoor as alle ander groepe mense saam. Die baarmoeder van ’n vrou is onveilig as enige plaas! Maar dááror word stilgebly! Op plaaslike vlak voer bendes op talle plekke ’n staatsgreep uit. Hulle regeer met “militêre” mag. Hulle gesag word méér erken, afgedwing en gevrees as die van die staat. Die wortels van hierdie krisis is uiteenlopend. Dis ’n omvattende morele, godsdienstige, sosiale, ekonomiese, gesag- en leierskapskrisis! Dit raak ons almal en oral!

Wanneer ons een geweldsmisdad saai deur dit amptelik te wettig (soos in die geval van abortsie), maak ons die deur vir die Bose oop. Ons gee hom die reg om ook ander geweldsmisdade te saai. Daarom oes ons die dood op groot skaal!

#### Daarom moet ons bid:

- dat die baie en duister wortels van die probleem aan die lig kom;
- vir wysheid om die oorsake en die gevolge van die probleem aan te spreek;
- vir ’n gewilligheid én vasberadenheid by alle rolspelers om die probleem met wortel én tak (oorsaak én gevolg) uit te roei;
- dat Christene die Here hulle Beskermer en Toevlug sal maak;
- dat Christene sal doen wat in 2 Kronieke 7:14 staan.

#### Bid die volgende gebed oor plaasmoorde:

Here, gee asseblief dat daar nooit weer angskrete in ons huise of op ons plase gehoor sal word nie. Laat **niemand** weer aangerand of beseer word nie. Laat niemand ooit weer gemolesteer of verkrag word nie; gemartel, vermink of vermoor word nie. Laat geen mensebloed ooit weer op ons plase vloei nie.

Op grond van Hebreërs 1:14 vra ons dat U u engele opdrag sal gee om wag te staan op elke plaas waar u kinders woon en werk. Maar ons vra méér as net fisiese beskerming. Ons bid dat U elke plan van die Bose om ’n plaas aan te val, vooraf sal laat uitlek (vgl. Handeling 23:12-16 en Daniël 2:211-23) en die motief



daaragter bekend sal maak. U is die Here wat dié dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê (1 Korintiërs 4:5).

Ons bid vir goeie werks- en rasseverhoudinge op plase. Ons bid ook vir die verhouding tussen die staat, polisie, weermag, regering en landbouers. Laat almal hulle werk vaardig en verantwoordelik doen. Ons bid vir eerlike kommunikasie, integriteit en wedersydse vertrouwe. Ons bid dat almal aan ander sal doen wat hulle graag wil hê ander aan hulle moet doen (Matteus 7:12). Ons bid dat niemand kwaad met

kwaad sal vergeld nie. Dat niemand bitterheid in sy/haar hart sal huisves nie. Dat niemand reg in eie hande sal neem of self wraak sal neem nie (Romeine 12:17-21). Dat niemand se optrede en uitsprake konflik en geweld sal aanwakker nie. Ons bid dat almal sal besef dat die stryd tussen lig en duisternis is. Dit is nie 'n stryd tussen rasse en groepe nie.

Beveilig asseblief elke plaas. Laat ú vrede daar heers. In die Naam van die Koning vra ons: Laat u Koninkryk op elke plaas kom!

**AMEN**

Notas: Wat lê die Gees nog op jou hart om te bid? .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Gebed vir landbouers (of ander) in nood

Nadat Dawid deur Samuel as koning gesalf is, het ongeveer 10 jaar verloop voor hy uiteindelik koning geword het. Dit was tien moeilike jare waarin Dawid voortdurend vir sy lewe moes vlug. Dié geskiedenis is opgeteken in 1 Samuel 16-31. Dit is opgeteken om vir óns belangrike lesse te leer. God gee vir ons die volgende raad in tye van nood en groot uitdaging:

1. Bly leef in 'n intiem-persoonlike verhouding met God.
2. Kry 'n vriend om jou te bemoedig in jou vertroude op die Here.
3. Bly fokus op God se vermoë en nie op jouself of jou omstandighede nie.
4. Onthou, God het die vermoë om altyd sy doel en bestemming met jou te bereik.
5. Onthou, God het die mag om op verskillende maniere te red en uitkoms te gee.
6. Aanvaar die gesag wat God oor jou gestel het.
7. Wees geduldig en gebruik elke geleentheid om te leer en te groei.
8. Doen wat God sê. Moenie passief of fatalisties raak nie.
9. Leef met integriteit.
10. Onthou dis God se reg om te straf.
11. Dink vooruit!
12. Pasop vir vergelykings.
13. Moenie jou te veel steur aan wat mense van jou dink nie.
14. Moenie al die vorige raad vergeet nie. Bely dit as jy dit vergeet het!

### Bid die volgende gebed vir landbouers:

Vader, Seun en Heilige Gees, ons **aanbid** U as die Bron van alle hoop, die Bemoediger van elkeen in ontferming. Ons **aanbid** U as die Een met onbeperkte vermoëns. Net U kan in elke omstandigheid uitkoms gee en ons met elke probleem help. Ons **aanbid** U as die Here aan wie elke regering en elke mag onderworpe is. Help ons daarom om die gesag wat U oor ons gestel het,



te respekteer. Ons *aanbid* U as die Een wat die laaste sê oor ons en ons toekoms het.

**Dankie** vir die voorreg wat U ons gegee het om te boer. *Dankie* vir elke gebed wat iemand vir ons bid, maar veral *dankie* dat U die Verhoorder van gebed is. *Dankie* vir u kosbare raad en die bemoediging uit u Woord. Laat dit vir ons soeter wees as heuning en kosbaarder as goud. Laat ons daaruit leer en in ons swaarkry beter word in plaas van bitter.

Met hartseer **bely** ons vandag dat ons dikwels dink ons is slimmer as U en ons weet beter as U. Ons is geneig om u raad te ignoreer en ons eie kop te volg. *Vergewe* ons asseblief die sonde van eie-sinnigheid. Dit wys dat ons ons eie afgode geword het. Ons *bely* ook dat ons traag is om u raad met ander te deel en om hulle te bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee U ons bemoedig.

Here Jesus, U het die duiwel oorwin en so die mag en houvas wat die sonde oor ons gehad het, verbreek. Daarom pleit ons: **bewaar** ons asseblief van die Bose. *Bewaar* asseblief alle boere en plaaswerkers teen plaas-aanvalle, konflik en geweld. *Beskerm* elke vrou en kind wat weerloos is teen boosdoeners wat verkrag en moor. Verwyder alle euwels van ons plase:

onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap en uitspattigheid. Beskerm ons teen brande en diefstal, onwettige grondbesittings en enige poging van Satan om chaos in die landbou te saai. Bowenal pleit ons: Weerhou ons van 'n nuttelose lewe, 'n lewe sonder U en sonder hoop.

Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, ons wil u genade en seën op alle landbouers **afsmeek**.

Gee asseblief dat al hoe meer landbouers in 'n intiem-persoonlike verhouding met U sal lewe. Gee aan elkeen 'n goeie vriend wat hom of haar sal bemoedig en aanmoedig om in alle omstandighede op U te vertrou. Help ons landbouers asseblief om altyd op U en u vermoë te fokus. Help ons om nie vas te kyk teen omstandighede wat dreig om ons te oorweldig nie. Dankie dat U u doel en bestemming met ons en met landbou kan bereik, al gebeur wat ook al. Help ons om dáaraan vas te hou terwyl ons elke dag doen wat U sê.

Maak asseblief ons oë oop sodat ons kan sien dat U meer as een oplossing vir elkeen van ons probleme het. U hoef ons nie elke keer op dieselfde manier te help nie. Help ons om nie fatalisties te word



en ons aan die noodlot oor te gee nie. Maak ons gehoorsaam sodat ons altyd dóén wat U sê. Help ons om mense met integriteit te wees. Laat ons nooit, omdat ons u beloftes vergeet het, die reg in eie hande neem en onbesonne dinge doen nie. Here help ons om vooruit te dink. Laat die ewige dinge vir ons meer waarde hê as aardse goed.

Help ons om nie onself met ander te vergelyk nie. Dit kan ons maklik minderwaardig of verwaand maak. Help ons om te onthou: wie ons is en wat ons het kom alles van U af.

Help ons om altyd te doen wat U wil hê. Help ons om onself nie jammer te kry wanneer ander ons slegsê nie.

Genadige Vader, help ons om nie hardkoppig te wees as ons U raad vergeet en só u Naam onteer en onself in ellende dompel nie. Help ons om ons sonde en skuld te bely. Vergewe ons omdat Christus reeds ons skuld betaal het. Leer ons om weer toegewyd aan U te lewe.

Verhoor ons asseblief in Jesus se Naam. **AMEN**

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....





## Gebed vir die volgende generasie landbouers

(Lees eers Psalm 112 en 144, asook Jesaja 28:23-29)

Here, leer asseblief ons kind hoe om te boer. Laat hy U dien en mag dit vir hom lekker wees om u Woord te bestudeer en te gehoorsaam. Mag hy uitstyg terwyl hy nog jonk is. Maak hom 'n sterk krag in die land en die landbou en laat selfs sy nageslag geseënd wees.

Laat daar oorvloed en rykdom in sy huis wees. Mag sy pakstore en skure vol wees en oorloop van kant tot kant. Mag sy kleinvee goed aanteel en voortdurend vermenigvuldig op die weivelde. Mag sy beestroppe 'n groot kalweroes lewer.

Laat alles wat hy doen, reg en blywend wees. Laat sy lewe vir opregte mense soos 'n lig in die donker wees. Laat hy hulle wys en leer hoe om in 'n stukkende wêreld genadig, barmhartig en regverdig te wees. Laat hy hom oor mense ontferm en aan almal uitleen, sonder dat hy self ooit iets hoef te leen. Mag hy in al sy sake reg en eerlik optree. Vader, laat ons kind nooit wankel nie. Laat mense sien dat hy U met oorgawe dien.

Gee dat hy nie in vrees vir slegte tyding sal lewe nie, maar dat hy op U sal vertrou, wetende dat U die Here is, die Een wat hom liefhet. Laat hy altyd veilig en rustig by U voel, al is daar ook hoeveel uitdagings en mense wat poog om hom te na te kom. Laat die bloed van mense nooit op sy plaas vloei nie. Mag

niemand ooit op sy eiendom verkrag, ontvoer of enige leed aangedoen word nie! Mag angskrete nooit daar gehoor word nie. Laat u engele oor hom en al sy mense waghou. Laat u Goeie Gees hulle beskerm. Hou alle diefstal weg van die plaas. Beskerm hom teen mense wat lieg, bedrieg en gewelddadig is. Laat goddelose mense magteloos teenoor hom wees. Laat hulle maar op hulle tande kners omdat hulle besef dat hulle hom geen leed kan aandoen nie, omdat hy U seën en beskerming geniet.

Laat hy altyd mildelik uitdeel aan die armes. Laat dit wat hy doen altyd reg en blywend wees. Laat hy hoë aansien geniet, maar tog nederig en erkentlik bly en ook diep afhanklik van U. Laat hom nooit soos Ussia (2 Kronieke 26) ingenome word met homself of vergeet dat al sy krag en vermoëns van U af kom nie (Deuteronomium 8).

Mag hy aan elkeen van sy personeel die geleentheid bied om in 'n persoonlike verhouding met Christus te staan en volgens Bybelse waardes en norme te leef. Mag hy en sy personeel saam bely: *Ons boerdery vir Christus!*

Vader, seën asseblief ons kind, sodat hy tot seën sal wees vir sy huis, vir sy personeel en vriende, die gemeenskap, Suid-Afrika en Afrika. Ons bid dit in die kosbare Naam van Jesus Christus, ons Here. **AMEN.**



Notas: Wat wil jy nog vir jou kind en vir die volgende generasie boere bid?

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



## Seënbede oor jou kind na aanleiding van Psalm 112

Om **gehoorsaam** aan die wil van die Here te wees, sal vir jou **vreugde** gee. Dit sal vir jou al lekkerder word om te doen wat Vader sê. Jaar na jaar sal jou passie *“for the **Word**, the **Will**, the **Way** and the **Worship of God**”* net groter word. Die Here sal ou en nuwe dinge aan jou **openbaar** wat op die landbou van toepassing is. Hy sal jou wysheid en raad gee (Jesaja 28:23-29 en Jeremia 33:3).

Jy en jou hele huishouding sal 'n **simbool en bron van seën** wees (Sagaria 8:13 Nuwe Lewende Vertaling). God se oorvloedige voorsiening sal in jou huis sigbaar wees. Dit sal 'n fontein wees wat ook aan ander blywende seën bring. God seën jou, en jy sal tot seën wees.

Soos jou Vader in die hemel sal jy **altyd genadig, barmhartig en regverdig** wees. Jy **sal mildelik uitleen en jou oor armes ontferm**. Jou hande sal nooit toegaan nie.

Jy sal 'n **positiewe verskil in die land maak**. Jy sal 'n **lig wees** vir boere rondom jou wanneer hulle in die donker rondtas. Jy sal die regte koers en rigting aandui. Hulle sal na jou opkyk en jou raad volg. Wat jy doen, sal blywende waarde hê en mense sal dit onthou.

**Omdat jou lig ver skyn, sal dit ook die helderste in jou eie huis skyn.** Jou vrou en kinders sal altyd die eerste wees wat deur jou vreugde geïnspireer en deur jou gehoorsaamheid aan God gemotiveer word. Jou innerlike vrede en krag sal hulle veilig en geborge laat voel. Jy sal so leef dat jy ook in die oë van hulle wat jou die beste ken, hoë aansien geniet. Jy sal dit vir jou vrou en kinders maklik maak om jou te eer en te respekteer. Jy sal vir hulle wees *“soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk”* (Psalm 72:6).

Goddelose mense sal ontsteld en gefrustreerd wees omdat hulle niks kan doen om te keer wat God in en deur jou lewe doen nie. Jy sal nie struikel of val nie. Jy sal ervaar dat die **Here jou veilig bewaar**.

Omdat die Here gesê het dat jy 'n toekoms in die landbou het, seën ons jou met **roepingsvervulling, intimiteit met God en met finansiële vryheid**.

Jy is geseënd om tot seën te wees! **AMEN!**

Notas: .....

.....



## Gebed vir verlore mense

(1 Korintiërs 15:12-20)

Jesus, ek **aanbid** U as die Eerste wat uit die dood opgestaan het, die Lewende. U leef tot in alle ewigheid. U regeer oor die regeerders van die aarde! U het die sleutels van die dood en die doderyk (Openbaring 1:5 en 17-18). Vader, ek **aanbid** U as dié God wat Christus opgewek het uit die dood. Ek **aanbid** U as dié God wat met die wederkoms van Christus die dooies gaan opwek en die dood finaal gaan vernietig (1 Korintiërs 15:26).

**Dankie** Here vir die baie getuies van u opstanding (1 Korintiërs 15:3-7). Ek is só bly dat U leef! **Dankie** vir die voorreg om 'n verhouding met U, die Lewende God te hê. **Dankie** dat U ook my gaan opwek uit die dood (2 Korintiërs 4:14). **Dankie** dat ek óók vir die lewe hierna op U kan vertrou.

Ek **bely** met hartseer dat selfs die kerk dikwels leef asof U dood is: leef asof daar geen opstanding en geen oordeel is nie (1 Korintiërs 15:29-34). Ek **bely** dat die Christelike kerk besig is om haar uniekheid prys te gee. Die standpunt dat alle godsdienste eintlik maar dieselfde is, word al meer verkondig en geglo. Vergewe ons asseblief hierdie dwaling. Op grond van u Woord bely ek dat alle godsdienste nié dieselfde is nie. **Die leiers van alle ander godsdienste is dood. Hulle het nie opgestaan nie. Daarom is die geloof van hulle volgelingen sonder inhoud. Dis waardeloos! Daarom is hulle nog gevange in hulle sonde. Ewig verlore** (1 Korintiërs 15:14, 17-18)! **Dankie** Here Jesus, U leef! *"U bring die verlossing, en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie"* (Handelinge 4:12). *"Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus"* (1 Timoteus 2:5).

Ek bid vir almal wat nie glo dat U uit die dood opgestaan het nie; almal wat leef asof U dood is; almal wat dink dat alle godsdienste dieselfde is en dat alle paaie na die ewige lewe lei. Ek bid vir Hindoes, Moslems, Ateïste, Animiste, Boeddhiste en vir almal wat in tradisionele godsdienste vasgevang is. Here, ek pleit vir familie en vriende wat godsdienstig is, maar nie 'n verhouding met U, die lewende God het nie.

- ✓ Gee dat ek hulle almal sal liefhê omdat U hulle liefhet en u Seun ook ter wille van hulle gestuur het (Johannes 3:16).
- ✓ Stuur iemand om die goeie boodskap van verlossing aan hulle te verkondig sodat hulle in U kan glo en hulle sonde vergewe kan word (Matteus 9:38; Handelinge 26:18-20). Ek is ook gewillig om te gaan.



- ✓ Ek bid dat U hulle geestelike oë en verstand sal oopmaak om die lig van die Evangelie te sien (2 Korintiërs 4:3-6; Handeling 26:18).
- ✓ Skenk aan hulle wedergeboorte en geloof. Trek hulle na U toe sodat hulle die versoening wat U in Christus bewerk het, sal aanvaar (Johannes 3:3 en 6; Johannes 6:37, 44, 63, 65; 2 Korintiërs 5:20-21; Efesiërs 2:8-10).
- ✓ Ruk hulle uit die mag van die duisternis en bring hulle onder die heerskappy van u Seun (Kolossense 1:13-14).
- ✓ Laat hulle tot geestelike volwassenheid groei deur die bediening van apostels, profete, evangeliste, herders en leraars (Efesiërs 4:11-13).
- ✓ Maak hulle *oorgee*-, *omgee*- en *aangee*-mense wat weer op hulle beurt dissipels in hulle eie familie en vriendekring maak (Matteus 28:18-20).
- ✓ Laat hulle U met soveel passie en oorgawe dien dat baie ander deur hul lewe en getuigenis vir Christus gewen sal word. Mag baie mense U vir hulle loof en dank (Romeine 15:16-19 en 2 Korintiërs 4:15).
- ✓ Maak ons almal 'n lig vir die nasies sodat die redding wat U bewerk die uithoeke van die aarde sal bereik (vgl. Jesaja 49:6b).

Dankie Here Jesus, Seun van God, my Redder! U het dit alles moontlik gemaak. Daarom vra ek dit in u Naam.

**AMEN**

Notas: Skryf name van ongeredde mense hier neer en bid vir hulle.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....



### 30 Here Jesus, ek het U nodig

Here, ek kon myself nie red nie. **Ek het U nodig gehad.** En U het my gered uit die dood en van die ewige straf. U het dit wat U deur u gehoorsaamheid aan die Vader verkry het, vir my gegee. Ek staan met ú volkome gehoorsaamheid, ú geregtigheid en ú heiligheid, in ú Naam voor die Vader. U bloed het my gereinig, my skoon gemaak! U het my u kind gemaak. Baie, baie dankie daarvoor. Maar om nou daagliks uit dankbaarheid vir U te lewe, kry ek ook nie uit myself reg nie. **Daarvoor het ek U óók nodig.** Daarom pleit ek by U, my Here Jesus:<sup>1</sup>

Gee my u sagte en liefdevolle oë;

Gee my u dienende hande;

Gee my u gewilligheid om te luister;

Gee my u geduld met die swakkes -  
die geknakte riete en die dowwe lamppitte;

Gee my u selfbeheersing en selfdissipline;

Gee my u oorwinning oor sonde en die versoekings van Satan;

Gee my u sensitiwiteit vir die wil van die Vader;

Gee my u volkome gehoorsaamheid aan die Vader;

Gee my u gebedslewe en u intimiteit met die Vader;

Gee my u liefde vir die Woord en u vermoë om die Woord reg te gebruik;

Gee my u nederigheid en gewilligheid om te dien;

Gee my u bereidheid om te vergewe;

Gee my u mag en gesag oor die Bose, alle siektes en chaos-magte;

Gee my u onderskeidingsvermoë om die regte ding op die regte tyd te sê en te doen;

Gee my u vermoë om u tyd reg te bestuur;

Gee my u vermoë om groepsdruk te hanteer: die druk van godsdienstleiers wat U in hulle tradisies gevange wou neem, asook die druk van politieke groepe wat U wou misbruik om hulle politieke drome te verwesenlik;

Gee my u vermoë om teleurstellings in mense te oorkom;

Gee my u liefde vir verlore mense;

Gee my u trane vir mense wat nie luister as U by hulle pleit om na U toe te kom nie;

Gee my u verbintenis tot die waarheid;



Gee my u opstandingskrag en energie;  
 Gee my u lewe om baie en blywende vrug te dra;  
 Gee my u honger na wat reg is, u dors na geregtigheid;  
 Gee my u innerlike rus, u vrede en u vreugde;  
 Gee my u vermoë om verwerping reg te hanteer;  
 Gee my u vryheid van enige verknogtheid aan aardse besittings;  
 Gee my u vreesloosheid om die Vader end-uit te gehoorsaam en die volle  
 prys daarvoor te betaal;  
 Gee my u vermoë om te midde van lyding, die vreugde wat die Vader  
 belowe het, voortdurend voor oë te hou;  
 Gee my u volkome vertrouwe op die Vader om in lewensgevaar aan die  
 vooraand van die dood, steeds te bid: *Nogtans nie my wil nie,  
 maar laat u wil geskied!*

**Here, my Here, ek het Ú nodig! Ek het alles van U nodig!** Sonder U, is ek niks! Vul my daagliks met u Heilige Gees! **Bly asseblief in my en leef u lewe deur my, sodat ek kan leef soos U geleef het** (Galasiërs 2:19-20 en 1 Johannes 2:6)! My hoop en verwagting is op U gevestig – nou en vir altyd.

**AMEN**

<sup>1</sup> Lees die volgende Skrifgedeeltes: Johannes 8:11; 2 Korintiërs 10:1; Markus 10:45; Johannes 13:12ev; Johannes 12:44-50; Matteus 12:18-21; Lukas 23:34-39; 1 Petrus 2:23; Matteus 4:1-11; Johannes 4:34; Johannes 14:31; Lukas 5:16; Johannes 10:30; Lukas 2:46-49; Filippense 2:3-8; 2 Korintiërs 10:1; Lukas 23:34; Lukas 9:1; Markus 1:35-38; Johannes 11:9-15; Johannes 2:24-25; Lukas 19:10; Lukas 19:41-44; Lukas 13:34; 1 Petrus 2:22; Johannes 12:44-50; Johannes 14:6; Johannes 8:28-38; Kolossense 1:28; Efesiërs 1:19-21; Filippense 4:13; Johannes 15:1-5; Matteus 5:6; Johannes 14:27; Johannes 15:11; Lukas 4:28-30; Lukas 9:51-56; Lukas 23:18; Johannes 1:11; Johannes 18:15-18 en 25-27; Johannes 17:4; Johannes 19:30; Hebreërs 12:1-4; Lukas 22:39ev.

Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....



Notas: .....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....





## Ander AMOS publikasies om van kennis te neem

Die volgende AMOS publikasies is in beide **Afrikaans en Engels** beskikbaar. Jy kan dit **gratis** aflaai by [www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net), of teen koste bestel deur 'n epos te stuur aan [secretary@amosafrica.net](mailto:secretary@amosafrica.net)



### **Grondhervorming** (Gebedsfokus 2010)

In 40 kort oordenkings word stilgestaan by landboutransformasie en grondhervorming. Die inhoud word op verskillende maniere aangebied: lering, stories, getuigenisse, voorbeelde, praktiese wenke en geloofsverklarings. Die bied aan die leser duidelike Bybelse riglyne. Naas doelgerigte gebed vir hierdie belangrike saak, is die doel van die gebedsfokus om die grondhervormingsgesprek positief te beïnvloed en gelowiges te help om met wen-wen-oplossings vorendag te kom.



### **Oorgee, Omgee, Aangee** (Gebedsfokus 2012)

Ons is geroep om dissipels te wees en van die mense rondom ons dissipels te maak. Slegs dissipels kan dissipels maak. Na aanleiding van die lewe en werk van Jesus, kan die kern van dissipelskap in drie woorde saamgevat word: *Oorgee, Omgee en Aangee*. Die inhoud word aangebied in die vorm van 40 briewe aan 'n vriend. Die briewe is daarop gerig om jou te dissipel en toe te rus om dissipels te maak.



### **Die Koninkryk kom in die Landbou** (Gebedsfokus 2013)


Aan die hand van 40 oordenkings word lesers gehelp om die Koninkryk te verstaan; hulle word uitgenooi om in die Koninkryk te deel en toegerus om daaglik as burgers van die Koninkryk te leef en boer. Onbybelse opvattinge wat die Koninkryk ondermyn, word uitgewys. Die verskil tussen die Koninkryk van God en die Koninkryk van Duisternis word aan die hand van praktiese voorbeelde illustreer. Die lesers word telkens opgeroep om na die Koning te luister en te bid vir die koms van die Koninkryk in die landbou.





### beVry om op te staan (Gebedsfokus 2014)

Daar is te veel Christene wat gered is, maar steeds met pyn leef. Hulle is kinders van God, maar steeds verstregtel in sonde. Hulle is vry, maar dink nog soos slawe. Hulle oorleef, maar hulle leef nie in oorwinning nie. Hulle glo in God, maar hulle sukkel om God te glo. Hierdie probleem word daadwerklik aangespreek. Die fokus val eerstens op die Koning wat mense bevry om op te staan. Daarna word die leuens en werkswyse van die duiwel ontmasker. Lesers word ook gehelp om hul herstelde verhouding met God, hulle identiteit in Christus, asook hulle roeping te verstaan. Van die mees algemene dinge wat Christene verhinder om op te staan word bespreek, waarna om bevryding gebed word. Die 40 oordenkings kan jou help om **op te staan en in oorwinning te lewe!**



### Arbeidsverhoudinge (Gebedsfokus 2015)

Jy kry 'n antwoord op die vraag: Wat het arbeidsverhoudinge met Christenskap en die visie van AMOS (Living and Farming God's Way) te doen? Ses baie belangrike Bybelse beginsels vir verhoudinge word aan die hand van praktiese voorbeelde bespreek. 'n Verskeidenheid ander sake wat direk in verband met arbeidsverhoudinge staan, word vanuit die Skrif én praktyk hanteer: arbeiders; arbeid; bemagtiging; motivering van werkers; dissipline; konflikthantering; wewen-oplossings. Geseënd is elkeen wat, deur mooi verhoudinge, die Evangelie van Jesus Christus aantreklik maak vir ander en só die koms van die Koninkryk bevorder.



### Finansiële Vryheid (Gebedsfokus 2016)

Finansiële vryheid is meer as net 'n mooi ideaal. Dis binne jou bereik as jy die tydlose ekonomiese beginsels wat God in sy Woord aan ons gee, ken en toepas. Die wêreld dink radikaal anders oor geld en besittings as wat die Woord van God ons leer. Dis die rede vir die ekonomiese chaos rondom ons. Daarom moet ons God die geleentheid gee om ons denke deur sy Woord te vernuwe. Die eerste tree op die pad van finansiële vryheid is om te erken dat **alles aan die Here behoort**. Óók dit wat ek en jy het. Ons is nêr rentmeesters van alles wat die Here in ons sorg plaas.



# BID VIR *Afrika*



**Gebed is die mees effektiewe en vrugbare  
benutting van tyd.**

**- Hennie Viljoen -**



## **Amos Agrimin**

secretary@amosafrica.net  
www.amosafrica.net

## **Amos Agrimin Streke**

**Vir kontak- en bankbesonderhede, besoek ons webwerf.**

Amos Agrimin Kaap (Wes-Kaap)

Amos Agrimin Sentraal (Vrystaat en Noordwes)

Amos Agrimin Noord-Kaap (en oorblywende provinsies)

## **40-Dae Gebedsfokus uitgegee deur Amos Agrimin Noord-Kaap**

### **Bankbesonderhede:**

Amos Agrimin

FNB Brandwag, 230534

Rek. 5299 000 8842

 Find us on  
Facebook

**[www.amosafrica.net](http://www.amosafrica.net)**